

# Die vlakke en andere gedigte

**Jan F.E. Celliers**

## **bron**

Jan F.E. Celliers, *Die vlakke en andere gedigte*. Volkstem-drukkerij, Pretoria 1908

Zie voor verantwoording: [http://www.dbnl.org/tekst/cell001vlak01\\_01/colofon.php](http://www.dbnl.org/tekst/cell001vlak01_01/colofon.php)

© 2011 dbnl

The logo for the Digital Library of the Netherlands (dbnl), featuring the lowercase letters 'dbnl' in a stylized, blue, sans-serif font.

## Inleiding tot Jan Celliers.

Die Leser Heil!

Met die aanbieding van hierdie verse-bundel, laat die digter - om van die voorou'ers 'n trek-beeld te leen - die voor-os juk val, na die morè-skof van die tweede trek! - Só is mijn gedagte. Die eerste trek is vóorheen door ánder gedrijf en gelei. Maar dis dit láaste skof wat die wereld heelmaal laat verander 't. - O'er 'n kalahari-kaalte kronkel die ou sukkel-spoor, teen 'n skòtige opdra'ende uit, tot 't metéens, o'er die laaste knop, vandaag s'n uitspanning bereik, bô-op die hogenveldse vlakke, wat grenseloos wegblouw vóren-toe, vérder, baje verder als die koeltes daarop van trekkende wolk-skaduwe.....

Laat 't mij vergun wees, bij 'n inleiding tot die werk en voorstelling van die nieuwe koers, ook 'n enkele woord van waardéring te wij aan die ou tog-gangers van die eerste trek, en die algemene leser te mag wijs op 'n paar van die voornaamste veranderinge in die uitsig en omgewende landskap!

Dat ik graag met erkentelijkheid gewaag van die werk van die eerste Afrikaanse digters, is uit waardéring vooral van die kóers, wat hul gevat 't, hoe dof en dun hul voet-paadje ook; en dat ik mij verheug in die verskijning van hierdie werk, is om die vórdering wat 't aandui, op dieselfde regte koers, in wat ons voor goed en waar hou.

Dié wat in die morè-lemier van hul nasie leef, voel die polsslag van 'n eige lewe klop, hoger en mooier als dié wat hul lewens-lig aanskouw eers met die ondergangs-son van dégenerasie en verval. Dáarom droom ons van 'n eige mooie taal, 'n eige groot letterkunde, 'n eige hoge beskawing; en werk ons in 'n onbegrensde geloof aan die lange dag wat kom, we-

tende dat daar tijd is om 't klaar te maak, vóordat, 'naar die éwige hernieuwings-gebod', agteruitgang en ouderdom die nasie aangryp, wanneer 't vergeefs is om die kragte in te span, vergeefs om siele-vrede en bestaan voor die vaderland op te offer. En dáarom juis is ons poge bajemaal ánders als die van ánder, wat ons só dikwils nie wil verstaan nie.

Vóordat die digkuns van 'n nasie só hoog opgeskiet is, bôkant die stille luwte van eige lang-leegtes en koppe uit, dat 't méedein in die ruimere kuns-koers van 'n wijere wereld-beweging, warrel 't saam nog met ontwikkelings-gang sowel als lotswisseling van die nasie. Is die nasionale ontwikkeling self eenmaal bôkant die omgewende topografie uit, dan bloei of kwijn die nasionale poësie in simpatie alleen met die opkoms of verval van die nasie.

Laat elders ánder teorië heers, o'er kuns en kuns-gevoel, gebore uit die skeppings-werk van betrekkelijk ongeletterde; hiér bij óns is die agterlike nasionale opvoeding oorsaak gewees van 'n agterlike digkuns. Sonder kennis van die taal, sonder só'n beheersing daarvan, wat 't bruikbaar kan maak voor uitbeelding van die rag-fijnste nuance van klank, kleur en lijn, kán daar g'n digkuns groot word nie. Dis nie te sê dat iemand sender taal-kennis oog noch oor sal hê voor die skoonheid van natuur of lewe nie! Als musikus of skilder sou hij buitendien ook sònder taal instaat wees om, in toon of kleur, aan ander weer te gé wat hij daarvan voel of siet. Maar sonder kennis van die geskrewe woord is 'n uitbeelding van dié gewaarwordinge door die digkuns, ondenkbaar. Ontbreek aan die ander kant die siel, die gevoel en vatbaarheid voor wat mooi, skoon en goed is, dan baat die kennis ook niks. Want eers moet die waargenome tot skoonheids-ontroering voer, in 'n daarvoor ontvankelike gemoed die besef laat ontstaan dat 't skoon en goed is; dan die begeerte opkom om 't weer te gé, en eindelijk die vermoge aanwesig wees om dit te doen. Van die suiwerheid van áldrie hang die bevredigende of onbevredigende van die uit-

slag af: die Suid Afrikaanse oer-nomaad siet 'n springbok voor hem uit galpeer, en o'er die bulte pronk; hij ondergaat die gewaarwording dat 't mooi is, en, in sijn grot of onder sijn krans teruggekeer, beweeg hem die lus om daar weer-te-gé wat hij gesien 't; daartoe roep hij sig die pronkende springbok opnieuw voor die gees, en gaat aan 't afbeelde daarvan, met die primitiewe hulpmiddele wat hem tediens staan. Nie alleen aan sijn kuns-vaardigheid nie, maar ook aan skoonheids-gevoel en verbeeldings-krag sal 't geskeel 't, dat sijn springbok op die klip ónbevredigend is.

Dit leer ons ook nog die geskiedenis van ons eige digkuns - hoe kort en klein dié ook mag wees.

En dié agterlike nasionale ontwikkeling, wat só lang in die weg gestaan 't aan 'n hogere vlug van die Afrikaanse letterkunde, kan eikelik niemand verwonder bij 't handje-vol mense, wat die helfte van hul lewe deur moes bakklei om te bestaan. Waar moes die tijd en geleendheid voor taal-kennis en kunsontwikkeling vandaan kom? In die ou-Kolonie, sal miskien gesê word, het ons stam-verwante lang genoeg stil en rustig gewoon. Daargelate egter dat 'n paar honderd jaar in die lewe van 'n volk voor só weinig staan, is 't ook net so waar dat die o'erheerser dáar nog ál die tijd aan die gang was om die volk te har-war op die stuk van nasionaliteit en taal; terwyl dié wat in arren moede hul toevlug geneem 't tot Nederlands, dáar sowel als hier, beleef 't dat dit hülle, Afrikaners, totaal omnagtig laat. En die manne van die eerste Afrikaanse taalbeweging weer, het hulself kort gekniehalter-span door te denk en te doen of hul wonders kon tower uit ons mondje-vol kwalik geskrewe woorde, sonder Hollands. Dit was 'n fatale fout, wat van baje vandaag nog die gewillige pen verlam, en toentertijd uitgedraai 't op 'n tengerige, treurig kroeserige strengetje verse.

En só simpel-eenvoudig is ons taal-toestand tog, dat 'n mens sig moet verwonder o'er die koerante-vol wijsheid wat daar nog voortdurend uitgekraam word o'er ons taal! Afrikaans is

voor ons méer dan Hollands, omdat 't Afrikaans is plus Hollands: Hollands verrijk met die Afrikaanse woorde-skat, en sagter en buigsamer gemaak in 'n Afrikaanse vorm-leer. Dis ál.

Maar laat 't vér van mij wees om gering-agtend te gewaag van dié vroege vrugte van ons taal-strijd, sonder dankbare erkenning tewens, van die goeie wil, wat 't voortgebrenge 't, of sonder eerbied voor die volharding wat 'n verdere ontwikkeling môlik gemaak 't. Hoog en heg moet inderdaad die o'ertuiging gesetel wees, wat sterk genoeg is om dié dwase vooroordeel te o'erwin, wat Afrikaners skaam laat voel voor hul Moedertaal, of dié massale onkunde te trotseer, wat die antipathie van vreemde kenmerk!

Die herdruk, 'n paar jaar gelede, van 'n volledige versameling 'Afrikaanse gedigte', o'er die voorafgaande dertig jaar in druk verskijn, is 'n passende afsluiting gewees van die aanvangs-tijdperk van ons Afrikaanse digterlike letterkunde, waarvan Reitz s'n 'Sestig uitgesogte gedigte' 'n bloemlesing is.

Die oudste versies in die bundel dagtéken uit die begin van die '75 beweging, en die laaste eindig met die Engelse oorlog.

Die Afrikaanse taalbeweging, waarvan dit die voornaamste resultaat was, het haar oorsprong gehad in die begeerte om op vaster grond te kom in die strijd teen Engels, en het saamgeval met 'n tijdperk van kwijning en agteruitgang in die letterkunde van Holland. Hieraan is miskien tewijte dat die Nederlandse digters uit die tijd: Bilderdijk, Tollens, da Costa, blykbaar g'n invloed op óns skrywers laat gelde het nie, ofskoon dit wèl opmerkelijk is dat ook uit die vóorafgaande, luisterrijke periode van die Nederlandse digkuns, Vondel voorniet voor hulle geleef had, terwyl Cats s'n invloed op hul werk só ontwifelbaar is. In hul godsdienstige ontboeseminge egter, is, door sijn gesange miskien, en kinder-gedigges, ook spore van die stigtelike van Alphen te bespeure, en in hul vaderlandse verse gloei daar iets, altemit, van Bellamy. Cats het in ons taal-

strijd diens gedaan als tegehanger van Burns, wat door die Skotse predikante van sir Harry Smith saamgebring werd. Van Engelse kant het ook Cowper sig laat gelde, door sijn dweperiggodsdienstige versies, nog vóór die vertaling van ‘Joh Gilpin’.

In aansluiting, o'er die algemeen, bij die burgerlike didaktiek van Holland, ken ons eerste rijmpies nog g'n skerpe onderskeid tussen prosa en poësie nie, en dikwils word daar in 'n digterlike vorm gehuld die meest prosasiese stof. Vanself is dié grens reeds vaag, en die o'ergang van een in die ander só ongemerk-geleidelik, als 'n o'ergang van die natuur; maar die bedoeling is dat ons eerste skrywers voor 'n groot deel op dié grens-skeidngn gebly 't, terwijl hul in geen van beide uitingsvorme enige voorname voorbeeld nagelaat 't nie. Ons spraakgebruik help buitendien ook nog om die onderskeid tussen prosa en poësie onduidelik te maak, door van enige werk van 'n verhewe verbeelding als ‘poëties’ te gewaag, ongeag die vorm waarin 't sig voordoet. Om ewenwel die mooiigheid, die toweragtige van die digkuns te waardeer, is 't nodig dat men sig 'n duideliker voorstelling maak van een en ander.

Die digter skryf in vers-maat, of ‘gebonde’ stijl, dit is 'n kunstige woordskikking, wat door plastiese klank-beelde, die uiting van sijn gees, voornamelik tot die verbeelding spreek. Rym - die terugkeer van gelijkluidende beklemde lettergrepe - kàn van sijn werk 'n versiersel wees; maar maat - die reëlmatige afwisseling van lange en korte, beklemde en nie beklemde lettergrepe - is 'n onmisbare eienskap van alle poësie. Prosadaarenteen, is die uitdrukking van verstand en wetenskap, rig sig in die eerste plek tot die verstand; en het dus, wanneer 't tot lering strek, g'n behoefte aan dié vorme waarin die poësie sig, in haar strewe naar 'n verwesenliking van die skone, voordoet. Laat 't sig egter ken door kunstige sinbouw, beelde-rykdom of woordekeus, dan krijg 'n mens ook 'n ‘digterlike prosa’, - vandaar weer dat geen van beide eielik van die vorm afhankelik is nie, en die o'ergang bajemaal so vaag is. In hoof-

saak moet 'n mens egter onderskei, dat die poësie op gemoed en verbeelding werk, en dat prosa sig tot begrip en rede wend; die één wil, door veraanskouweliking van edele gewaarwordings, in besielde, skone taal, die mens roer en meesleep; die ander wil hem, door verkondiging van feite en waarhede, o'ertuig en o'errede.

En door dikwils die digterlike vorm te besig voor onskone voorstellings en redenérings, het die eerste digterlike voortbrengsels van ons taal dié onderskeid voor ons onsekerder help maak. Die leiers van die taalbeweging was tegeliktijd ook die voornaamste digters; en die sterkste aandrif was om iets tevoorskijn te bring, - 'n boek te maak', so's onlangs nog weer aangespoor werd; inhoud en vorm was bijsake. Die berge was in barensnood, en iets móes daar uit kom! Baje het versies gemaak, wat g'n flauwe besef van poësie had nie. - Laat ons dankbaar wees dat 't in elk geval sóveel o'ereenkoms had met die ontwikkelings-gang van ons volk, dat 't niemand afgestoot 't nie! Veel het 't ons egter ook nie gebaat nie; die digkuns is g'n handwerk nie, waarin die eerste die beste maar kan meebeusel; die uitkoms leer ons dat die kuns nie door die veelheid van versies-makers bloei nie.

Op nasionaal sowel als letterkundig gebied was 't voor dié Afrikaners 'n tydperk van soeke en rondtastende onbewustheid. Aanvankelik bestaan daar g'n letterkundige tydskrifte nie, en die politieke pers, geheel en al beheers door wat voor die ogenblik raadsaam geag word, is op s'n beste maar 'n brose middel om leiding te gé aan sóiets.

Nou en dan egter, gons daar 'n skelle volks-liriek op uit die werk van dié tyd, bôkant die woorde geping-pong van iedere dag s'n rijmelarij uit; of daar dreun 'n vaderlandse ontboeseming dwars o'er die ordinaire gebasel heen, wat aantoon dat hul koers krij, en dat daar ook gevoel bij kom, en verbeelding, wat die skrywers als stuw-krag dien.

Twee jaar nadat die beweging vaste vorm aangeneem 't,

is die Republiek geannekseer; en in die jare van 'lijdelike verser', wat daarop gevolg 't, kom dit patriottiese ontboeseminge vinnig in verset teen die nasionale druk; 'n o'erkropte gemoed stort sig dikwils uit in bittere versugtinge, of die digter verdiep sig in blijde bespiegeling van 'n mooier more-skemer, éendag. En 't lij nie die minste twijfel meer nie, dat in Kaapland die gánse nasionale herlewing sijn aansijn dáaraan dank, en dat dieselfde beweging ook in die republieke nuwe geesdrif aangewakker 't voor die volk-saak.

Grote, alleenstaande feite uit die geskiedenis, wat 'n nuwe sukkel-moet slaan op die gelittékende pioniers-ras, het nooit nagelaat om 'n hele koerante-uitstorting teweeg te bring, van rijmelaars, wat die aandrif van 'n hogere ingewing voel, maar daarop los-deun, skril en fel-fals bajemaal, dat 't so kannie-meer nie. Die einde van die Vrijheids-oorlog het die aansijn geskenk aan 'n eerbiedwekkende aantal rijm-reëls, latere sowel als vroegere inboorling-oorloge het nog ánder in geringer mate geïnspireer, en die Jameson-strooptog het lug verskaf aan 'n berijmde nasionale verontwaardiging, wat letterlik die spuigate uitborrel - maar tog sahara-dor blij van alle digterlike verheffing,... nietteenstaande 'oom Jan' s'n juigkreet uit 'n nog vroeger tijdperk:

Wie het kon denk dat Afrika  
ooit soveel digters had?  
Gedigte kom nog daaglik aan:  
hier's weer 'n volle blad!

Maar gemis aan dié digter, wat die taal sou maak en grootwerk lewer, werd tog ook gevoel: dieselfde Afrikaanse maagd, wat beweer van die Hollandse sussie

.....wat uit Holland kom,  
die hou voorniet haar groot,  
ons lug is alte skerp v'r haar,  
sij is al amper dood,



en waarneem van die ‘Engelse niggie, met haar stijwe nek’, hoe

baje jonkmans loop haar na -  
sij denk hier baas te sijn -.

die konstateer tog ook

maar als die awend-uurtje kom,  
dan is die klomp bij mij!

En dieselfde Afrikaanse maagd wag ook nog:

Als ik maar eers mijn vrijer het.  
- 'n digter vol van moed,  
een wat mij om mijself bemin,  
en nie maar om mij goed -.

om hém Koning te maak!

Vaderland en Moedertaal was van die begin af twee rijkelik berijmde onderwerpe. Die meest besielende vers daarop, wat miskien ook die meeste ingang gevind 't onder die volk, is die breë:

Waar Tafelbaai begint, tot vér in die Transvaal,  
woon één verénig volk, met 'n algemene taal'ns.

Jammer is dat in die versameling van Reitz, sowel als in die latere uitgawe van die digterlike oes van dié dage, so weinig aandag bestee is aan die digters self. Oorspronkelik is die verse òf onder 'n aangenome naam, òf heelmaal sonder naam uitgegê, sodat 't voor oningewijde vandaag moeilik is om 'n gegewe vers op die skrijwer thuis te bring. Dis egter bekend dat die meeste van die gedigte wat later herdruk is, voortgekóm 't uit die kern van die ‘Genootskap van Regte Afrikaners’, waarvan S.J. du Toit, F.W. Reitz, N. Hoogenhout, D.F. du Toit, Lion Cachet en A. Pannevis die voornaamste werkers was. Van eersgenoemde is ongetwijfeld 'n paar van die beste patriottiese verse, b.v. op die Kleinfonteinse volks-bijeenkoms nabij Pretoria, 1878:

Ons hijs nou weer die vaders' vlag, -  
 verpletter ons deur julle mag,  
 bring julle dwinglandij tot stand,  
 verbreek, verskeur ons vryheids-band, -  
 óns hijs nou weer ons vaders' vlag!  
 Vermorsel ons deur julle mag, -  
 ons reg sal áltoos lewend blij, -  
 die hemel self voor ons baklei,  
 en ons gaan voor die nakroos strij:  
 heel Afrika word éens nog vry!

Van dieselfde genre is daar verskeie uit dié tyd, wat door forse, ronde taal, als 'n openbaring van iets nuwens op die nasie neergebonk 't, en 'n blijwende plekkie verdien bij die nasionale poësie.

Die 'Transvaalse Vryheidslied', van dieselfde skrywer, is 'n vers wat ingeslaan 't onder die volk, en vandag nog op die musiek van Villiers gesing word:

Die vierkleur van ons dierbaar land  
 die waai weer o'er Transvaal,  
 en wee dié godvergete hand  
 wat dit weer neer wil haal!  
 Waai hoog nou in ons held're lug  
 Transvaalse vryheids-vlag,  
 Ons vijande is weggevlug,  
 nou blink 'n blijer dag.

Maar, hoe groot die verleiding ook, ik moet weerstand bied aan die lus om hier 'n bloemlesing te gé!

O'er Piet Retief, en verskillende slage uit die Vryheids-oorlog bestaan daar gedigte van epiese omvang en opvatting, wat ook nie geheel ontbloot is van 'n sekere digterlike inhoud nie. In die intiemste kringe van die jong-mense skuil daar, skugter-

skamerig, 'n volks- of minneliedje, waarvan nou 'n enkele in dr. Mansvelt s'n 'Liederbundel' 'n meer blijwende gedaante gekrij 't.

In die meeste gevalle egter is 't onskuldig aan alle digterlike verheffing, en gevoel voor maat en rithmus, sodat 't onder die massa van die volk g'n besondere weerklank wek nie. Waar die taal-gevoel tē sterk is om die blote rijmlus bot te vier, daar neem die gedig meestal 'n 'grapperige' vorm aan, nie selde op die trant van die Middel-nederlandse:

Hoort toe mannen en wijven

of

Wie wil hooren singhen // Een druckelijc niew liet

waarin die liefde, die politiek of die godsdiens verheerlik word, - meestal seer gebrekkig en onbeholpe in vorm, tref 't tog nog 'n enkele keer door vrome eenvoud, of 'n kinderlik-grote geloof.

Rijm, - wat opsigself tog niks anders als 'n handigheid is nie, wat iedere mens min of meer kan aanleer, en bij die digter net 'n kuns-middel, nooit die kuns self kan wees nie, - rijm was die kuns waar iedere poëtaster naar gestreef 't; en só'n tweede natuur is dié rijm-soekerij geword, dat 'n nare ontwrigting van die werkwoord en bijwoord, wat die waarmerk was en onmisbare end-rijm tegelijk van 'n enorme aantal digreëls, sig amper reeds aan die gewone taal opgedring 't, en baje mense nou nog reken dat dit juis Afrikaans is van die eerste water! Ik bedoel dié geweldadige omkering, ten einde die werkwoord aan die end van 'n rijm-reël te krij: 'aan het gekom', 'af het gegaan', 'om het gedraai', 'seer het gemaak', ens. ens., a d n a u s e a m .

Dit ontsier, naar mij beskeie oordeel, veel van Melt Brink s'n beste werk, - wat ik o'erigens, uit die aard daarvan, in hierdie beskouwing tot dié van die vorige geslag reken.

Tog is onder eersgenoemde versies reeds meer dan één, wat

tegemoet kom aan die begeerte, die behoefte aan 'n nasionale sang, en uiting verleen aan 'n kinderlike eenvoud van gevoel, wat volkome wàar is van die nasie. Veel is daar wat die bewijs lewer van 'n gestadige vordering, en - helaas! - naderhand ook al weer van dekadensie, toen van die twee-ledige sinspreuk: 'voor vaderland en moedertaal', die vâderland door enkele versaak werd!

Op hooghartige toon is daar kort gelede nog beweer dat 't 'elk verstandig man voorbarig voorkomt om nu al te gaan spreken van soiets als een Afrikaanse Letterkunde.' Maar hoe subjektief 'n mens ook al mag staan teeno'er die Afrikaanse taalstrijd en sijn werke, en welke betrekking daar ook mag bestaan tussen die gesamelike skriftelike voortbrenghels van 'n taal en die begrip 'letterkunde', dít staat vas, dat verstandige Afrikaners dankbaar denk aan wât daar bestaat als die éige letterkunde van 'n éige taal, die wording en ontwikkeling van wat verband hou nie alleen met hul staatkundige lotswisseling nie, maar ook met gemoed en gees van die nasie, so's 't sig openbaar in die voorstelling van hul maatskappelijke eigendommelikhede en eigenaardige beskawing, en in die ontstaan van 'n éige skriftelike spraakgebruik.

Na die Vrijheids-oorlog breek ook benoorde Vaalrivier 'n tijdje van betrekkelike rus aan, en van intellektuële vooruitgang, onderbroke alleen door 'n reeks van die 'biksbeduidende kafferoorloge', waarvan, volgens die nuwe meesters, ons geskiedenis aanmekaar geset is. Twintig jaar van koorsige opbouw, organisasie en ontwikkeling, met die beroeringe van 1895-6 tussen-in, en..... tóen spook die ganse nasie al weer voor die vrydom! In die oorlogs-jare wat daarop volg, is die vaderlands-liefde in lewendige ligte uitgelaai. Op die oorlogs-veld en in die vreemde kom besinning en inkeer tot ménige Afrikaner. En na Veréniging is 't oopgegaan, saggies-seer, en beginne drup-drup, so's bloed-trane uit die geheuge drup:

Als die seek-lig van die wagskip  
 op mijn tent skijn in die nag,  
 peins ik droef o'er huis en makkers,  
 en die speel-tijd van weleer, -  
 skijn daar op die tent-doeck beelde,  
 wat mijn denke t'rug-voer vér naar  
 ruigend veld in sonneweelde,  
 waar eenmaal só mooi gestaan 't  
 dié ou haardstee, dié ou thuiste,...  
 en dan breek daar, of 't 'n hart is,  
 snikkend déur mij siele-pijn -  
 als die seeklig van die wagskip  
 in die nag-uur op m'n tent-doeck skijn!

In die plek van die rijm, wat vroeger álles o'erduister het is dáar 'n hoger attribuut  
 van die ware poësie gekom.

Druppels-gewijs tap 't nog, - omdat 't iets heelmaal anders is als die begeerte om  
 'n boek te skrijf':

O! land van son-lig en van sterre,  
 van onbegrensde, wije velde -  
 O! wilde wereld van natuur,  
 o, dierb're grond van Afrika,  
 waar twee geweldige oseane,  
 hul branders op die rotse donder,  
 en langs die breedgerekte kuste  
 die witte see-sand bruis en sketter!

Of 't droef ons inniger tege:

Morè pluk ons bloeme - morè! -  
 Als die reen en mis eers o'er is,  
 als die modder opgedroog is,  
 als die son ons toe-lag, morè!

Die digters is mij onbekend; ik neem 't uit die koerant o'er menende dat 't hier wel  
 'n blijwende plekkie mag vinde.

‘Die Winternag’ van Eugène Marais - een van die skoonste brokkies gevoels-taal, wat ons gehad 't - sal die meeste nog ken. Te hope is dat dit, saam met nog veel ander werk van dieselfde talent, bijmekaar gemaak en uitgegê sal worde.

Met onderstaande aanhaling van 'n makliker glijdende versifikasie volsta ik:

Daar rijs soms stemme in die nag,  
 wat fluister, - eers gesmoor en bang,  
 maar luider straks, skoon áltijd sag:  
 ‘hoe lang?’  
 Hoe-lang moet ons nog swerf en strij,  
 en stil-swaar worstel met die dwang,  
 en hoon en smaad en skimp-taal lij,  
 ‘hoe lang?’  
 Hoe lang verdra' ons nog en wag,  
 en tel die trane op ons wang,  
 en duld en lij en treur en smag:  
 ‘hoe lang?’  
 Als volk, hoe lang sal ons nog kijf,  
 eer ons deurgrond die dúre drang  
 tot vrij-wees, wat ons álmal drijf:  
 ‘hoe lang?’  
 Vanwaar die lafaards wat daar meen,  
 en ongestraf, met dom gebaar  
 durf sê dat álles ijdel was voorheen?  
 Vanwaar die arme siele kom  
 wat in g'n eige toekoms staar,  
 en ons wil oplos in 'n vreemde drom?  
 Hoe lang sal ons nog spook en doen,  
 en dwarstrek, alger blind en bang,  
 en koers soek op die heldre noen?

Daar is ook ánder verse van nà die tijd, waarin die digter 'n opgewekter toon aanslaat;  
 ik haal bowenstaande aan om 't

te vergelyk met die werk van 'n vroegere geslag, en meen dat daar nie alleen 'n inniger, egter emosie uit sing nie, maar ook blyk dat die taal smeebaarder geword 't, makliker en met meer effek aangewend word om dit uit te beelde. Ik haal 't ook aan als voorbeelde uit die voorbodes van 'n vérder gevorderde nasionale kuns-gevoel, en 'n téderer liriek, wat nou verwesenlik word in hierdie verse-bundel van Jan Celliers.<sup>1)</sup>

Nie alleen is sijn liriek van 'n heelmaal ánder, 'n veel subtieler, inniger gevoel en skildering nie, ook sijn oorlogs-siklus, sijn vaderlandse sang, is vrij van dié oppervlakkige uiterlikhede, wat dieselfde genre van 'n vroegere generasie gekenmerk 't. Dit, - sijn sang van die slagveld en die konsentrasie-kamp, - beskouw ik als 'n historiese noodwendigheid. Wat hij hier uitsing is maar net 'n weerklank van wat daar in hie hart van die nasie omgaat; en 't sou wonderlik wees als 'n reeks van gebeurtenisse wat só diep ingegriep 't in die nasionale lewe, nie door 'n digter van die nasie besing werd nie. Dit sou onvergeeflik gewees 't, en ik verwag dat só'n onuitputtelike bron van inspirasie voor die ontsaglikste aandoenings aan die menselike gemoed eige, ook in die toekoms nog lang 'n thema sal blijf voor die nasionale digter.

- 1) Nadat dit geskryf was is ook i n druk verskijn 'n verse-bundeltje van dr. J.D. du Toit, getiteld 'Bij die Monument', wat hierdie opinie aangaande die gemaakte vooruitgang, nog vérder bevestig. In die 'Volkstem van 20 Oktober j.l. had ik die voorreg om o.a. die volgende van die inhoud daarvan te skryf:  
 'Hierdie gedigte is m.i. een van die skoonste bijdrae tot die Afr. Letterkunde wat daar tot hietoe bij gekom 't..... In Afrikaans het ons so'n onbevange, tére uiting van smart nog nie geken nie..... Dis 'n innig subtiële sang, so's die fluisterstemme in 'n siekekamer.  
 Die digter skilder momente uit die bestaan van kind, vrouw en man uit dié oorlogs-jare... om ons te laat véel wat daar voor 'n wereld van smart en leed verduur is; en die "tère snaar", waar President Steijn in die voorrede van praat, sal in simpatheike ontroering tril, in die hart van iedere Afrikaner wat dit lees... dit sal hem blij laat voel dat die groot verdriet van sijn volk in só mooie woorde gebreng is. Voor ons Afrikaners een van die meest intens-pijnlike onderwerpe uit dié jare van verdriet... "die blommetje van waarde", wat gepluk is solang als die howenier weg was - behandel hij in skoon-verhewe verse, vrij van al wat onrein en onbevredigend is. Du Toit is 'n fijnbesnaarde lirikus.'

In ons tyd vervul die digkuns haar roeping en word gevier alleen wanneer dié wat die lier ter hand neem, gedraag word deur gevoel en verbeelding, en ook kinders is van hul tyd, op die hoogte van dié s'n ontwikkeling, en vervuld met wat die tyd in beweging bring. Alleen dié is waaragtige kunstenaar, wat die mag besit om ons diep en kragtig in die siel te vat, en te laat meé-voel en sien die lewe so's hul dit sien en voel. Jan Celliers is 'n digter wat volkome deurdronge is van ons lewenswaarheid; - voor ons Afrikaners, wat die lewe leef wat hij hier in woord en gedagte uitbeeld, en wat instaat is om nà te voel hoe waar en getrouw dit is, voor óns behoort hij 'n dankbare verskijning te wees. Ons behoort blij te wees dat ons Jan Celliers gekrij 't!

Selfs dáar waar hij, in aansluiting bij veel wat voorafgegaan is, miskien met g'n ander doel als om 'n geleidelike o'ergang te bevorder, terug-sak in die ou Dorts-Afrikaanse digskool, selfs dáar spring nog 'n heelmaal ánder opvatting van sijn kuns in die oog. Daar's 'n kinder-versie op bls. 48, een van die geringste. Dieselfde stof is al bajemaal in ander tale door groot kunstenaars afgemaal. Maar nergens kan 't voor ons só'n simpatheike openbaring wees van 'n verwante lewenswaarneming als juis hier, in hiérvan vers, - omdat 't óns lewe is, uitgebeeld in ónse taal, so's alleen 'n digter uit óns volk instaat is om 't voor ons te doen! - Daar is 'Die Vlake'. In sijn 'Iris' het Jacques Perk, en in sijn 'Cloud' Shelley verwante onderwerpe in besiede taal besing. Maar - niks in die wereld belet ons om die ánder te bewonder, met 'n beskeie eerbied, maar - óns reenboog en óns wolke is tòg nog ánders! Een daar die hogeveldse vlakte is óns s'n, ons herken dit in iedere skilderende strofe, ons voel dit uit iedere tékenende beeld. En dan nog: die wetenskaplike ontwikkeling van ons tyd spreek daaruit.

Jan Celliers is die seun van die eerste 'Volkstem' redakteur en latere Volksraadslid. Sijn opleiding ontving hij aan die



hand van dié Transvaalse onderwijs doyen, ‘Ou Don’, meester Louis, 'n man aan wie nog baie Transvalers dankbaar terugdenk. Op die Europese vasteland het hij sijn studie voltooi, en is hier als landmeter teruggekeer. Jarelang vóór die oorlog het hij ewenwel sijn land gedien als bibliotekaris van die Staatsbibliotheek Pretoria. Die laaste oorlog het hij dwarsdeur bakkei, tot die end toe, die bittere einde! Die skepping van sijn oorlogsverse, wat door hul afwesigheid so'n onvergoedbare leegte sou gelaat 't, in ons literatuur, dank ons aan sijn persoonlike waarneming en meegesukkel in dié jare van strijd.

Moeg en teleurgestel, verhuis hij na Veréniging... Europa toe, waar hij, bevrijd van die slommer en sorg wat hier na dié tijd die bestaan van nagenoeg iedereen gekenmerk 't, verskeie jare rustig kon wij aan verdere letterkundige studies. Sijn volksleesboek, 'n werk wat hij vrij aan sijn volk gegé 't, dagtéken uit dié tijd. Van veel leed in die vreemde, getuig ons enkele verse in hierdie bundel, met 'n Switserse atmosfeer.

Dáar, in die republiek, bereik hem eindelijk die roepstem uit sijn vaderland: ‘kom o'er en help ons!’ Hij is gekom, en hier is 'n verdere bewijs van sijn werkdadige hulp.

Neem dit, geagte leser, dankbaar aan, blij met mij dat ons Jan Celliers het!

GUSTAV S. PRELLER.

‘Volkstem’-kantoor,  
Pretoria, Sept., 1908.

## [Woord vooraf]

*L.S.*

Die voorberig waarmee mijn vriend die Heer Preller mijn werk vereer het laat ik aan die beoordeling van die leser o'er. Ik wil alleen maar 'n paar aantekeninge daar bij voeg met betrekking tot taal en spelling deur mij gebruik.

Die leser sal opmerk dat ik somtijds inkonsekwent gewees is. Bij gebonde stijl kom dit dikwils voor, omdat klank, ritme en rijm daar eerste vereiste is. In ongebonde stijl b.v. zou ik als besittelike vornaamwoorde *s i j n* en *m i j n* gebruik om nie te veel van Hollands af te wijk nie, maar in gebonde stijl gee ik die voorkeur aan ons Afrikaanse *m i j , s i j , se*, omdat *m i j n* en *s i j n* mij hier te veel hinder. Ik het die onvolm. verl. tijd van die werkwoord ingevoer; ons kan sonder dit nie klaar kom nie. In o'ereenstemming met baje skrywers en met onse Afrikaanse manier van vertel het ik dikwils onvolm. verl. tijd en tegenw. tijd deurmekaar gebruik.

Die *ch* vervang ik deur *g* waar dit enigsins kan sonder begripsverwarring. Die *ch* moet in sommige woorde behou word b.v. in *l a c h* om dit te onderskei van *l a g* (het gelê).

Ons het maar één lidwoord: *d i e*; ik het 't dikwils afgekort tot *d'* waar die klank of maat dit vorder. Ik sou denk dat die afkorting goed voorsiet in die behoefte van mense wat nog gewend is aan die onzijdig lidwoord *h e t*, en *d i e* nog 'n beetje hard vind, want als hul nie wil sê *d i e* water nie kan hul *d'* water sê en skrywe, in uitspraak verskil dit tog niks van 't water.

DIE SKRIJWER.

## Die vlakte.

Ik slaap in die rus van die eeue gesus,  
ongesien, ongehoor,  
en dof en loom in mij sonne-droom,  
ongewek, ongestoor.  
Tot die ijl-blouwe bande der ver-verre rande  
skuif mij breedte uit,  
wijd-kringend aan d' puur alomwelwend asuur  
dat mij swijgend omsluit.

Die aarde was jong toen mij bodem sig wrong  
uit die diep van d' meer;  
en die waa'tre o'erswewend kwam lewenskrag gewend  
die gees van die Heer.  
Uit die woelende nag van haar jeugdige krag  
brag die aarde voort  
Lewiatansgeslagte, geweldig van kragte,  
- storm-ontruk aan haar skoot.  
Diep in mij gesteente berg ik hul gebeente  
d'geheim van hul lewe en lot;  
maar gewek uit die sode herleef uit die dode,  
naar d'eeuwig hernieuwingsgebod,  
die stof van d' verlede in vorme van d' heden,  
in eindeloos kome en gaan;  
wat die dood mij vertrouwt, ik bewaar 't als goud,  
en geen grein die 'k verlore laat gaan.

Als die son o'er mij vloer in die more kom loer  
 en die douw van mij lippe kus,  
 dan draai ik mij stom met 'n glimlag om  
 en lê maar weer stil in mij rus.  
 Hoog bowe die kim op sij troon geklim,  
 is hij heer van lewe en dood;  
 naar wil en luim geef hij, skraal of ruim,  
 verderf of lewensbrood.  
 Uit gloeiende sfeer brand hij wreed op mij neer  
 tot mij naaktheid kraak en skroei,  
 en mij koorsige asem in bewende wasem  
 al hijgend mij bors ontvloeï.  
 In sij skaduwkje rond-om sij stam op die grond  
 staat 'n eensame dorenboom,  
 so's die Stilte op haar troon, met doorne gekroon,  
 wat roerloos die eeuwe verdroom.  
 Geen drop v'r die dors aan mij stofdroge bors,  
 mij kinders versmag en beswijk,  
 en die stowwe staan so's hul trek en gaan  
 om mij skrale dis te ontwijk.

So's 'n vlokkie skuim uit die sfeere se ruim  
 kom 'n wolke aangesweef,  
 maar hij groei in die blouw tot 'n stapelbouw  
 van marmer wat krul en leef,  
 - kolossaai monument op sij swart fondament,  
 waar die bliksem in brul en beef.  
 En O, met mij is die windjes blij,  
 hul spring uit die stof o'erend,  
 en wals en draai in dwarrelswaai  
 o'er mij vloer, van end tot end;  
 die gras skud hul wakker om same te jakker  
 tot hij opspring uit sij kooi.

en so's mane en sterde van ja'ende perde  
 sij stengels golf en gooi.  
 Met dof-sware plof, so's ko'els in die stof,  
 kom die eerste druppels neer,  
 tot 't ruis alom so deur die gebrom  
 en gekraak van die donderweer.  
 Met klouwe vooruit om te grijp en buit  
 jaag 'n ha'elwolk langs verbij,  
 so's 'n perde-kommande wat dreun o'er die lande  
 vertrap en geesel hij,  
 - en sij lijke-kleed sien ik ver en breed  
 in die awendson gesprei.

Stil in die duister lê 'k so 'n luister  
 hoe die spruite gesels en lach;  
 maar bowe die pak van mij wolke-dak  
 het die maan al lang gewag;  
 nou breek en skeur hij 'n baan daardeur  
 om te deel in mij vreug benede,  
 hij sprei die waas van sij romig-blouw gaas,  
 - en ik lach so stil-tevrede.  
 Plek op plek, so's die wolke trek,  
 sweef die skaduwe onder mee,  
 so's eilande wijd o'er die waat're verspreid  
 op die boesem der grote see.  
 Met 'n afskeidskus gaat die maan ook ter rus  
 en ik wag op die dageraad,  
 so skoon en so mooi so's 'n fris jong nooi  
 wat lach in haar bruidsgewaad.

O'er die bulte se rug slaat die gloed in die lug  
 van brande wat ver-weg kwijn,

en doornbome fluister in die rooi skemerduister  
van gevare wat kom of verdwyn.  
Uit slote en plas, uit die geurende gras,  
stijg 'n danklied op ten hemel,  
en 't is of ik hoor hoe die krekies se koor  
weergalm uit die sterregewemel;  
waar werelde gaan op hul stille baan  
tot die einde van ruimte en tijd;  
so, groots en klaar, staat Gods tempel daar,  
wijd - in sij majesteit.

**In ballingskap.  
(Clarens - 13 Juli, 1904.)\***

Die awendsonne kus die vlak van d' meer,  
die golfie slaat  
'n droewe maat,  
die moe'e krijger buig d' hoofd terneer.

Op d' sneeuwveld kwijn die laaste sonnestraal,  
in kloof en dal  
sluip d'awend al,  
en 's landsmans liggie roep ten awendmaal;

en om die lamp sit vrouw en kinders aan,  
om ei'e haard  
en dis geskaard,  
- en in d'ou krijgsmans oge wel 'n traan.

'Verbij die da'e en stille awendstond  
toen ook v'r mij  
met welkom blij  
mij huisie het gewag, op va'erlands grond.'

\* In die nag van 13 op 14 Juli is Paul Kruger te Clarens, in Switzerland owerlede. Die skrywer was toen ook daar.

En in sij oge lê die verre lig  
wat berge boor,  
en see'e o'er  
herin'rings weg naar Suider kuste rig.

Hij 's in die sa'el, sij roer is in sij hand,  
sij jonge bloed  
vol durf en gloed,  
sij oge o'er die onbekende land.

Die veld lê wijd, hij volg die leeuw se spoor;  
sij veilig lood  
dra wisse dood.  
Die ool'fants ver trompetter 's in sij oor.

Die wagvuur brand, die jakhals huil van ver;  
die roer slaap bij  
die jagters sij,  
- en bo sij hoofd die wije sterre-heir.

Die slagveld dreun, hij voer die ruiterskaar  
met wijs beleid  
in strawwe strijd;  
Hij hoor die krijsroep van die swart barbaar.

Hij 's in die Raad, hij lê met vaste hand,  
met klem van taal  
en wil als staal  
die grondslag heg van d' Suider vaderland.



Verbij, verbij - Die sneeuwveld bo vervaal;  
maar hoog omhoog  
ontwaar sij oog  
op blanke top 'n verre sonnestraal!

Die duister grouw op grijse berggevaart:  
'Volbrag, volbrag!  
Wees welkom nag.'  
- Sij sieners-oge glimlag hemelwaart.

**Wondere.**

Met klein Koos Blaasop had ik laas'  
 'n woordestrijd:  
 O'er wondere het ons so gepraat,  
 en Kosie sê: 'die kuns, ou maat,  
 het ons liew'n Heer  
 glad afgeleer;  
 en alles gaat nou dood-gewoon  
 in onse tijd;

die praatjes kom maar almal neer  
 op j a e n n e e ;  
 maar kom en wijs nou eers v'r mijn  
 die water wat daar word tot wijn;  
 dat dit gewis  
 'n wonder is  
 sal ik die eerste en beste wees  
 om toe te gee!'

'Nou vrind,' seg ik, 'lê mij dan uit  
 die wonderkrag  
 wat grond en water same bring  
 en in haar aarde vat dit meng

met sonneskijn  
tot druif en wijn;  
Is hierdie wonder minder groot,  
als 'k vrage mag?

So is ons doof en blind v'r wat  
die Heer ons toon;  
so's kinders sien ons Sij Natuur,  
en gou-gou bind ons, dom-sekuur,  
aan jaar of dag  
Sij wet en mag  
en duisend wond're wat ons sien  
word..... 'dood-gewoon.'

**Eensaamheid.**

Mij vuurtje en ik is op wag,  
mij vuurtje en ik alleen;  
die awendster  
wenk al van ver  
en die velde slaap om-heen.

En stadigies sterwe die dag,  
so's één in sij armoed verlaat,  
ongesien, ongeag,  
sonder suggie of lach,  
waar niemand van weet of van praat.

Nou blij die lug alom  
in stil aanbidding staan;  
geen tampende bel  
wat die ure tel,  
- net die sterre wat kom en gaan.

Die osse, met koppe gebui'e,  
herkouwe nog stil in die nag,  
tot één v'r één buk  
en gaat lê bij sij juk,  
met 'n sug, na die trek van die dag.

Mij vuurtje is al wat nog leef  
in die eindeloos ruim met mij,  
    en sij stemmetje dwaal  
    so's 'n deuntje wat draal  
om dage lang verbij,

om jonkeids blije more  
en laggies lang verlewe.  
    Dan voel ik 'n traan  
    in mij oge staan  
en ik fluister 'Heer, vergewe!'

Die slapende velde lê wijd,  
en wijer die donkere see,  
    wat mij vuurtje en mij  
    van awend skij  
van die wereld se vreugd en wee;

ik weet daar is feest van a'end  
in menig verligte saal,  
    maar geen een wat mij mis  
    bij die dans en die dis  
- 'n balling vergeet en verdwaal.

Maar al is ik ver van die skaar,  
in eensaamheids woning getrede,  
    ik voel mij so's één  
    met die Heer alleen  
- 'n kind aan Sij boesem tevrede.

**Ons twee.**

Dit was 'n dag in bloeimaand blij  
 toen ik jou sag en jij v'r mij;  
 en kijk, alsof v'r kwaad bedug  
 het onse oo'e mekaar ontvlug;  
 maar toen ik opkijk nog 'n keer  
 vang ik jou oog in mijne weer!  
 O' skone dag in bloeimaand blij  
 toen ik jou sag en jij v'r mij!

Dit was 'n klare somernag,  
 die sterre bó in stille prag,  
 en of alom in tower-taal  
 geheime deur die lower dwaal,  
 toen ik gewaar 'n kleine hand  
 meteens in mijne was beland!  
 Hoe het hul so mekaar gekrij,  
 had ik die skuld, of was 't jij?!

Dit was 'n huisie klein en skoon,  
 O, ver van grootheids weg en woon,  
 die dak was laag, die dis was skraal,  
 die duitjes min en suur behaal;  
 maar ons pondokkie was paleis  
 en onse korsie koningspijs,  
 want wie d'r ook gebrek mog lij,  
 ik had v'r jou en jij v'r mij!

Dit was 'n dag van skeiding wreed,  
 'Te pêrd, te wapen' was die kreet,  
 maar bij die stille weemoeds-traan  
 het in jou oog die woord gestaan:  
 'sal liefde krag en kroon behou,'  
 'paar manne-moed aan manne-trouw!'  
 En veld nog see'e kon ons skei  
 want ik had jou en jij had mij!

Dit was die bose in lig-gewaad,  
 dit was verleidings soete raad:  
 'die skat en skoonheid wat ik bied'  
 is onbewaak, geniet! geniet!'  
 Maar ons had skat van groter prijs  
 en het hem saam die deur gewijs,  
 tevreë met wat ons had gekrij:  
 net ik v'r jou en jij v'r mij!

Dit was 'n woordje met 'n punt  
 - geplaagde luim se kleine munt -  
 so gouw gelos deur die wat weet:  
 ach, netnou is 't weer vergeet!  
 Geen wolkie wat ons hemel dek  
 of onse son het hem gewek,  
 O, onse son wat altijd blij,  
 want ik het jou en jij het mij!

**Sauvabelin.  
(bij Lausanne).**

In die bosse woon die Here  
  deur die blare ruis Sij stem.  
O, was mijn die guns en eere  
  met uw Samuel sou ik fluister:  
  ‘Vader spreek, Uw dienstknecht luister,  
  openbaar Uw boodskap hem.’

Maar mij kleinte is verlore  
  in die donk're suile-skaar,  
slegs 'n weerklank tref mij oore,  
  van 'n vo'ellied van verre,  
  van 'n krekelsang verbêre,  
- en ik kan nie sê van waar.

Nogtans, Vader, voel ik veilig  
  in Uw tempel waar ik dwaal,  
of in sonnestraal geheilig  
  ook 'n stil belofte daal  
  dat die stem van d' stil gewete  
  en die traan om plig vergete  
Uw genades guns behaal.



Dwalend wag ik in vertrouwe,  
en die boodskap mij ontseg  
baar mij siele vrees noch rouwe  
op mij wond're lewensweg.

    Gaarn' ontvlug ik hier die skare  
    waar als onder dorre blare  
    mense-eer begrawe leg;

waar die tempel-welwe bowe  
    nog die wierook-walm onthou  
en die altaar, tans gedowe,  
    van der vaad're vroomheids-trouw,  
    toen hul hier deemoedig nader  
    aan Uw troon getree het, Vader,  
so-als ik, aanbiddend, nou.

**Bloeimaand.**

Daar's 'n roering van ontwake  
in die aardes moeder-skoot,  
wonderwerkend opgestege  
in elk dro'e stam en loot.

Elke twijgie van die vije  
dra 'n pluimpie in die son,  
- vreugde-kersies aangestoke  
nou herlewings feest begon.

En in duisend duisendtalle  
kom daar bruidjes, fijn en mooi,  
- uit die dorre hout gebore,  
ha'elblank en rose-rooi.

Elke tuin het hul verower  
- voorjaars-vreug moet o'eral weer -  
elke hartje vol van liefde,  
elke boom 'n bruilofs-fees.

Dwelmend dwaal in louwe geure  
jonge lewes drang en gloed  
om herskeppend weer te gewe  
lewe uit lewes owerloed.

**Trouw.****Ter gedagtenis aan -**

Ik hou van 'n man wat sij man kan staan;  
 ik hou van 'n arm wat 'n slag kan slaan,  
     'n oog wat nie wijk,  
     wat 'n bars kan kijk  
 en 'n wil wat so vas so's 'n klipsteen staan!

vas so's 'n berg van grouw graniet  
 op vaderlands-grond, sij hartsgebied,  
     aan haar getrouw  
     so's aan kind en vrouw,  
 en wat in haar eere ook sijne siet.

Ik hou van 'n man wat sij moeder eer  
 in die taal uit haar vrome mond geleer,  
     en die bastergeslag  
     in sij siel verag  
 wat, haar verstitend, hulself kleiner.

Die oog wil ik sien wat 'n traan nog ween  
 v'r 'n helde-geslag, in hul rus daarheen,  
     maar 'n blits van trouw  
     in die traan van rouw,  
 wat aan liefde weer gee wat haar bron is ontleen.

V'r mij d'Afrikaner van durf en daad  
wat Mammons eer en loon versmaad,  
sij hoofd en sij hand  
v'r sij volk en sij land  
en 'n trap van sij voet v'r laag verraad!

O, ik hou van 'n man wat sij man kan staan;  
ik hou van 'n daad wat so's donder slaan,  
'n oog wat nie wijk  
wat 'n bars kan kijk,  
en 'n wil wat so vas so's 'n klipsteen staan!

**Afrikaner-troos.  
(Histories.)**

So eenkeer elke sestien jaar  
kom daar 'n tyd, jul weet dit wel,  
dat al die sterre, hot en haar,  
so's vuurwerk deur die hemel snel.

So was ik eenkeer op die pad,  
- d'is lange jare al verbij, -  
ik kom die a'end op Seekoegat,  
Daar gee hul toen 'n bed v'r mij.

En kijk, daar kom toen in die nag  
so 'n sterre-re'en op ons neer;  
geen mens had aan so wat gedag,  
- en dat 't erg was kan ik sweer;

die hele huis raak in rumoer,  
die honde blaf, die hoenders kraai;  
maar, moeg van heeldag rij en roer,  
slaap ik so deur die heel lawaai;

daar voel ik iemand stoot mij aan,  
ik roep: 'wie's daar,' en draai mij kop,  
die goeie tante sien ik staan,  
en saggies sê sij: 'neef, staat op.'

Ik sien sij lijk so bleek en naar,  
dus vra ik gou: 'wat skort d'r aan?'  
Sij sê: 'die laaste dag is daar,  
en netnou sal die wer'ld vergaan;

kom sit bij ons daar binne nou,  
- Ach, neef, hoe kan j'aan slaap nog denk?  
Die tyd is kort, kom laat ik jou  
tog eers 'n koppie koffie skenk!'

**Gij en IK.  
(Hollands).**

Gij zijt gij en ik ben ik,  
versta dat wel;  
in lijf en leden niet alleen,  
in hoofd en hart, in groot en klein,  
bij ernst als spel.

Als uwe paden, vriend, zijn mijne  
recht of krom;  
en zegt ge mij op 's levens baan  
naar U w e leest geschoeid te gaan,  
ik vraag, waarom?

Is 't afgunst niet, of vrees, die U  
dat woord ontrukkt,  
dan vraag ik, is 't niet zuchten, maat,  
naar lotgenoot in leed of kwaad  
dat U bedrukt?

Bedenk bij 't luid berispeld woord,  
op markt of straat,  
wat ook de schaar ter oor wil gaan  
is vaak bazuin voor eigenwaan  
- of eigenbaat.

Van oog tot oog en hart tot hart,  
waar niemand ziet,  
zo is 't, dat, in stille daad,  
de ware mense-liefde raad  
en hulpe biedt.

Roert Christenliefde U de borst  
of Christenplicht,  
zo grijp mij aan met frisse moed  
of toon mij d'afgrond aan mijn voet,  
en geef mij licht.

Maar zo voor U als mij blijv' 't wachtwoord:  
'weeg en wik;'  
want niemand, wat hij wrocht of dacht.  
had d' hele wijsheid ooit in pacht.  
- niet gij, niet ik.

Zo wacht U, vriend, voor spot of blaam,  
als 'k weeg en proef;  
en denk geen kwaad, maar geef U stil  
gewonnen, om der waarheid wil,  
als ik eens troef.

Hebt gij 'n geloof dat steeds uw weg  
naar 't hoogste richt  
zo gunt gij wis die schat ook mij,  
- in 't strevend voorwaarts vroom en blij  
bij eigen licht.



Beticht te ras van bijgeloof  
uw wijsheid mij,  
zo duid 't niet als schimp of grap  
als 'k vraag: is wel uw wetenschap  
daarvan zo vrij?

‘Heb lief uw naaste als U-zelf,’  
is 't groot gebod;  
zo kweke 't hart voor U als mij,  
bij 't g i j en i k , 't Christ'lik w i j ;  
ach! gave 't God!

## **Brand-vrij? (Histories.)**

Ik sê, v'r mij is dit ook mooi  
als kinders leersaam is en soet.  
Maar toen nou eendag onse skool  
meteens vergaat in vlam en gloed,  
was menig knapie regtig blij,  
- geloof v'r mij.

'Maar ach, wat help dit,' roep daar een  
'die meester is nie saam verbrand,  
en net-nou staat daar, kant-en-klaar  
een nuwe skool weer in die land.'  
En regtig rijs toen weer 'n gebou,  
- ach, al te gouw!

Van dorp en plaas kom mense aan,  
daar's groot geloop en groot gerij,  
jij siet net swart-manel en kijl,  
- die nuwe skool word ingewij.  
Ge-eet word daar, gepreek, gepraat,  
- tot 's middags laat.

Maar wat ik daarvan wou vertel  
is hoe toen daar 'n groot meneer  
v'r ons 'n aanspraak het gemaak, -  
- hij was bo almal slim geleer -;  
    'k onthou sij spiets, al was ik nog  
        - 'n kleine bog.

Sij hand tik so sij voorkop aan  
terwijl hij sê: 'kijk, leer van mij,  
wat julle hierso het geberg  
gaat bowe aardse stof en klei,  
    is te'en roof en vuur bestand,  
        - kan nooit verbrand.'

Nie lang daarna, daar hoor ons dat  
die goeie man op sterwe leg,  
die wijse mond v'r altijd toe,  
die krag v'r staat en mensdom weg,  
    en uitgebrand die rijke brein  
        - met brandewijn!

**De tempel der reinheid.  
(Hollands).**

Ik droomde mij in wolken-landen;  
het blindend blank der zonnewanden  
al zwevend in 't rein azuur,  
als lenig marmer reuze-krullend,  
de dalen schaduw-purper vullend,  
- en goud-gekoft de stapel-muur

En 'k zag 'n zaal vol schone vrouwen,  
het blank en blauw, in lange vouwen  
omhangend los de slanke le'en,  
in nauwe lijne-sluiting kozend  
om malse vormen rose-blozend,  
- en blanke voet op marmersteen.

'k Hoor stemmen als kristallen klokjes,  
in 't ruim gestrooid als wolken-vlokjes,  
bij scherts en blij-zang ongetoomd;  
waar vol-geteugd de boezems zwellen,  
in 't levend blauw der ether-wellen  
- door wijde ramen ingestroomd.

Bij 't voorhang, plots op-zij gegleden,  
zie 'k mannen in de zaal getreden,  
in 't licht gewaad van 't wolkenland;  
en vlug in 't gaan zijn fijne voeten  
al spoedend tot een blij ontmoeten,  
- van ver gereikt de vrienden-hand.

En durvend-klaar in reine weten  
zie 'k oog met oog zich lachend meten,  
bij handen-druk van welle-kom.  
En los als 't kleed van lange vouwen  
valt gul de lach van 't vol vertrouwen  
- herhaald van wand tot wand alom.

En 'k vond mij biddend neergezegen:  
'Verlicht, O God, mijn aardse wegen,  
en aan Uw hand, ach, voere mij,  
dat ik, genaakt tot reinheids-tempel,  
een hand gestrekt vind aan de drempel  
en blijde stem: 'Wees welkom, gij!'

**Klein ondeug.**

Klein ondeug, moeders sorg en skat,  
haar lus, haar las, haar vreug;  
hij vroetel hier, hij snuffel daar,  
hij pluk die heel huis deurmekaar,  
keer voor daar! - liewe deug!

Te laat, - daar gaat die koppie al,  
en stukkend op die vloer;  
knor jij hem, - jij krij knor terug,  
of nijdig smijt hij 'm op sij rug,  
en trappel fluks tamboer.

Hij's kort-kort bij die water-bak,  
al jaag jij 'm twintig-maal;  
jou Sondag-stewels krij hul bad,  
dan is 't weer die arme kat  
wat jij daar uit moet haal.

Al trippe-trap die mure langs  
kan jij sij stappies hoor;  
hij's weg en stil nou, so's 'n muis,  
maar glo mij nou's dit glad nie pluis,  
kom, hier is al sij spoor;

daar hê j' dit al, die muur-papier  
in repe afgetrek,  
geskeur in stukkies, klein en kort,  
die ink-pot daarop uitgestort,  
en hij, één swarte vlek!

Daar val meteens die solder-leer,  
ja, so's 'n donder-slag!  
ons loop te hulp met grootste haast, -  
daar sit die kleine vent daar-naas  
- en skater so's hij lach!

D'is brabbel-praat, d'is woel en val,  
van 's mor'ens vroeg tot laat,  
d'is koppie stamp, en huil en lach  
so twintig male elke dag,  
tot basie kooi toe gaat.

Die laaste soentje is van haar  
wat sorg noch las ooit heug;  
met mond en pootjes skoon gewas  
slaap nou klein ondeug, - moeders las,  
haar skat, haar sorg haar vreug.

**'n Snaakse vrijerij.  
(Daudet vrij gevolg.)**

Als tweetjes met mekaar wil vrij  
is 't beter om jou ver te hou;  
nie waar, wat raak dit jou of mij  
als tweetjes met mekaar wil vrij?  
Net van één snaakse vrijerij  
wil ik die storie jul ontvouw.  
- Als tweetjes met mekaar wil vrij  
is 't beter om jou ver te hou!

Een flukse nooi was Hannie Waal,  
en Japie Brink het daar gedraai, -  
die oogies blouw, die lakkies vaal,  
- 'n flukse nooi was Hannie Waal.  
Maar of nou Japie dit sou haal,  
dit was maar moeilik om te raai.  
- 'n Flukse nooi was Hannie Waal,  
en Japie Brink het daar gedraai.

Eén Sondag bij die kerk se deur,  
- moe' nou nie denk dit was 'n plan nie; -  
het so'n kleine iets gebeur,  
één Sondag bij die kerk se deur;  
die kerk was vol, hul druk en beur,  
en so kom ik net achter Hannie,  
- één Sondag bij die kerk se deur,  
moe' nou nie denk dit was 'n plan nie!



Haar boekie het uit haar hand geglij,  
 toen sij so uitstap op die tredje;  
 ik m o e s dit optel, 'k was daarbij,  
 - haar boekie het uit haar hand geglij;  
 'Baing dankie, neef,' sê sij v'r mij,  
 en 'k sien sij kleur so'n kleine beetje.  
 - Haar boekie het uit haar hand geglij  
 toen sij so uitstap op die tredje.

En onder bij die muur se draai  
 - dalk het ik mij dit maar verbeel -  
 kijk sij nog om 'n slaggie, raai,  
 daar onder bij die muur se draai.  
 Beskou jij dit als trouw verraai?  
 die kijke het i k toch nie gesteel!  
 Ja, onder bij die muur se draai  
 - dalk het ik mij dit maar verbeel!

Wel, ik het kennis toen gemaak, -  
 - die hoe of waar kom nie op an nie, -  
 toen loop ik daar v'r Japie raak,  
 nadat ik kennis het gemaak.  
 Hul sit toen saam amandels kraak,  
 die eerste awend, hij en Hannie,  
 nadat ik kennis had gemaak,  
 - die hoe of waar kom nie op an nie.

Jaap krij 'n tweeling in die dop  
 en een daarvan gee hij aan haar,  
 die ander eet hij selwe op,  
 - Jaap krij 'n tweeling in die dop. -  
 Was dit nou glips of wou sij fop?  
 want uit haar handje val dit daar.  
 - Jaap krij 'n tweeling in die dop  
 en één daarvan gee hij aan haar.

Sij's op haar knie'e voor die stoel,  
 dat ik moes help, nie meer als plig nie!  
 die amandel-pitje was ons doel,  
 - sij's op haar knie'e voor die stoel, -  
 dat ik haar handjes raak moes voel  
 kan jul begriip: daar was g'n lig nie.  
 - Sij's op haar knie'e voor die stoel,  
 dat ik moes help, nie meer als plig nie.

En Japie dach: wat sou gebeur het,  
 nou sij die pitje had gekrij,  
 ons merk dat sij so'n rooie kleur het,  
 en Japie dach, wat sou gebeur het?  
 'D'is duis'ling wat ik altijd-deur het  
 als ik gebuk het,' sê toen sij!  
 Ja, Japie dach, wat sou gebeur het,  
 toen sij die pitje had gekrij.

Die helfte bijt sij af v'r haar  
 en helfte lê sij op haar handje:  
 'Dê, neef, jij het help soek nie waar'  
 - die helfte bijt sij af v'r haar,  
 en op mij halfie sien ik daar  
 die kerfie van 'n witte tandje!  
 - Die helfte bijt sij af v'r haar  
 en helfte lê sij op haar handje.

Dat dit gesmaak het moet ik sê,  
 al was mij deeltje maar 'n kwartje,  
 een k l e i n e loon moes ik toch hê,  
 - dat dit gesmaak het moet ik sê;  
 al sien ik Jaap so stil o'erlê:  
 'daar gaat 'n stukkie van haar hartje'.  
 - Dit het gesmaak, ik moet dit sê,  
 al was mij deeltje maar 'n kwartje.

Of dit bij 'n kwartje het geblij?  
dit raak jul niks nie, wel beskou,  
of ander mens se vrijerij  
nou bij 'n kwartje het geblij;  
want als daar tweetjes is wat vrij  
is 't beter om jou ver te hou!  
- Of dit bij 'n kwartje het geblij?  
dit raak jul niks nie, wel beskou!

## Die spruitje.

Van tije wat was  
 praat die stroompie met mij,  
 van 's lewe se da'e, vergeet en vergaan;  
 en die bome wat stil langs die watertje staan  
 laat mij denk, als hul skaduw so rus op die gras,  
 aan tije wat was.

Van siele wat rus  
 sing die stroompie se stem  
 van laggies wat jong was, geknak of geslijt,  
 en planne o'ergroei deur die gras van die tijd,  
 - die stemme verstom en die rusie gesus  
 van siele wat rus.

Van trane gedroog  
 hoor ik stilletjes praat,  
 van snikke verstorwe als ver op die veld.  
 verijdelde list en ontwapend geweld;  
 die sorge verbij, en die moeder haar oog  
 van trane gedroog.

Van tije wat kom  
 hoor ik fluist'rend vertel,  
 gedagtes wat breek en gedagtes wat bouw,  
 en die vo'eltjes blij stil om te hoor wat daar brouw,  
 en die windje gaat lê, als met huiwering stom  
 v'r tije wat kom!

‘Daar's Ene wat waak  
en die magte bestier,’  
so is dit of ik uit die geeste se koor  
die weerklank van ver in die watertje hoor,  
of die hand van 'n vrind op mij skouwer mij raak:  
‘daar's Ene wat waak!’

**Die boere-vrouw.**

Haar wese is ernst, sij gaat haar weg in swij'e,  
gehoorsaam op die weg van lange lije;  
Suid-Afrika, Uw moeder in haar wee  
- wat aan die wer'ld 'n nasie gee.

**Die veldwindje.**

O, hoor die gesang  
van die eeue op hul gang,  
o'er die rande se hang  
    kom 't geswewe,  
o'er die veld ver en vaal  
op die windje wat dwaal,  
onbestem, onbepaal,  
    - suggies deurwewe.  
Sonder stuur, sonder toom,  
middag-louw, middag-loom.....  
So's die skim van 'n droom  
    - sterwe noch lewe.....

**Aan 'n blommetje.**

Klein blompie in die more-son  
'k het nooit gedenk  
toen jij mij wenk  
uit groene gras  
dat van die dag mij hart aan jou  
verlore was.

Jou kleine hart was ope wijd,  
en uitgespreid  
so's ronde waaier daaromheen  
die blaartjes fijn  
in sonneskijn.  
En om jou koppie was 'n glans,  
'n stralekrans  
van lewend lig,  
- 'n weerskijn van jou kleine siel,  
so vol, so vol  
dat d'owervloed  
in rijke gloed  
die blije dag werd weergegee.

Jou steeltje had jij hoog gebeur  
bo blare en gras,  
of jij verruk wou opwaarts klim  
tot d'hoge troon  
waar lewe en lig se koning woon,



maar was blij staan  
in opwaarts gaan,  
- in stom aanbiddings boei geslaan.  
O, kon 't ons gegewe wees  
'n o'eblik  
die vreug te voel  
wat jou deurwoel  
en wat uit saal'gheids blij teveel  
ons mededeel,  
in jubeling van geur en prag,  
'n loflied op die somerdag!

Van daardie dag voel ik mij sterk  
in lewenswerk  
en lewensstrijd:  
als bange sorge in die nag  
mij rus ontroof,  
als leegheids waan of domheidsmag  
mij moed wil doof  
dan sie 'k jou staan.  
Vol lewensmoed en stille deug,  
vol lewenslus en lewensvreug  
lach jij mij aan  
- hoewel, so's daardie somerdag,  
al lang vergaan.  
En waar mij lewensweg ook lei,  
geen berge of dale kan ons skei,  
geen see'e wijd.  
Van eeuwigheid werk jou kleine gees,  
en sal so's mijne onsterf'lik wees  
tot eeuwigheid!

Die bijtje gaf jij ook haar deel:  
'n droppie vog  
'n greintje meel  
- onsigbaar klein,  
maar in die eeue tel 't mee  
met wereld-deel en wereldsee,  
- kan nooit verdwyn.  
So dra jij in 'n droppie douw,  
in spie'elend blouw,  
die groot Heelal!  
En in Sij dienst, mij kleine vrind,  
mog ons mekaar se wege vind  
in aardse dal.

**More-mal.**

O, hoor, kom hoor hoe 'n jonkvrouw flus  
v'r mij uit mij sluimer het wakker gekus!  
O'er mij vensterbank het sij binne geklim,  
en haar hare was los in die more se glim.

Van blouwe kristal was die kelk in haar hand  
en sij skink 't so vol dat 't bruis o'er die rand,  
die drank daarin so's die goud wat leef,  
wat die more-son deur die wolkies weef.

Uit rose-fijn vingertjes neem ik 't aan,  
en net in één teug is 't na binne geslaan;  
en ik hoor so 'n laggie als tintel-kristal,  
so's 'n watertje klink wat deur klippertjes val.

En kijk, in 'n wip is sij o'er mij gebuk  
met haar douw-frisse lippe op mijne gedruk!  
Ik lê nog verbluf, sonder woord of geluid,  
toen sweef sij meteens bij die venster weer uit!

Ik is op en na buite met spoed met spoed!  
en die more se drank woel so's vuur in mij bloed.  
Gee pad vandag v'r Kerdoes en v'r mij:  
net jaag-gelop, jaag-gelop wil ons rij;  
    laat praat wie wil  
    en laat keer wie kan  
'Kerdoes ou maat, wat sê j' daarvan'?

En ik gee hem 'n raps met die plat van die hand  
waar hij staat en van ongeduld klouw in die sand;  
en hij gooi met sij kop om te sê: 'ja, ja!'  
van ergernis vol dat die baas nog vra.

Ik is op in die sa'el met 'n spring en 'n swaai,  
en ons gaan aan die haal dat die klonte so waai.  
'Die basie, die basie,' sê outata Bop,  
en hij keer v'r die polle wat waai om sij kop.

Die more se bode, die nooi van mij droom,  
is mij voor naar die Wes', o'er die vlakke se soom,  
o'er die leegte se vaal, o'er die krom van die bult,  
waar haar kleed met sij sleepsel die gras het verguld.

'Kerdoessie bedaar, d'is te vinnig ou maat,  
hul roep al vervas dat ons wereld uit gaat.  
Maar wag, daar rij Gert, wat op Nooitgedag vrij;  
kom ons wijs hem vandag, kom ons druk hem verbij!

Ai Gertje, haal uit nou ou Kolbooi se staal,  
- en ik gee die ou perd o'er sij boude 'n haal -  
'al praat jij so baing wat ou Kolbooi kan doen  
ik gee Sannie van more voor jou nog 'n soen.'

Op die raps gee ou Kolbooi 'n bokspring naar voor  
dat Gertje so amper sij sitplek verloor.  
'Maaifoelie,' skree Gert, en sij hoed druk hij vas,  
en 'doef' gaan sij hakke op Kolbooi se bas.

Deur stowwe wat dwarrel en kluite wat spat  
hoor j' net hoe dit klip-de-klap o'er die pad;  
die wind suis verbij en mij hoed is verloor,  
maar Kolbooi blij agter en Doessie blij voor!

'Dag Gertje, ou maat, julle asem is koud,'  
en ik sien hem verdwyn in die stowwe se goud,  
'Kerdoes ik wil sien wie v'r ons twee kan vang,'  
- en hij snuif nog vol moed, en hij skud met sij stang.

Bij die plaas kijk tant' Betta en oom o'er die deur,  
en van verre al lok mij die koffie se geur.  
Dat ik Sannie wou soen was maar korswil van mij,  
want geen noitje so trouw aan haar vrijer als sij.

Maar ik word als gedrijf tot 'n streek of 'n grap,  
en daar gee ik ou tanta 'n soen dat dit klap!  
Oom Kotie en Sannie bars uit van die lach,  
en tant' Bet wil mij vang en skree: 'vagebond, wag!'

Ik is op weer, en weg, en 'n lach is mij groet,  
so's 'n wilde basuinstoot omstuimig van moed,  
want die lug van die more stroom vol in mij bors  
- naar vrijheid en blijheid onlesbaar mij dors!

**Die bergstroom.**

Strome, wat is jul boodskap aan mij  
als jul wild en vrij,  
in huppeldans  
o'er bank en krans  
So spring en klots  
van rots op rots  
so glim en glans en glij,  
so plooi en plas  
als glippend glas,  
die gras bespat  
met per'lend nat,  
so blinkend, blank en blij,  
- strome, wat is jul boodskap aan mij?

So's 'n wal  
van kristal  
buig jij o'er om te val  
in die kokende diepte onder,  
waar jij breek en bruis  
en verstuif tot gruis,  
dat 't daver en dreun en donder!

O, dan mag  
ik grag  
in die wilde jag  
van die stuiwende stowwe staan,  
bespring en bespat  
deur die sissende nat  
wat mij wange so's geesels slaan.  
Onlesbaar die dors  
van mij hijgende bors,  
en ik swelg, met lippe wijd,  
die wind wat jij bring  
so's jij woel en spring,  
in die diep van die klowe geleid.

O, dan voel ik mij lede vol lewend staal  
om in woelende worst'ling te win en behaal,  
en dwing'lands mag,  
met houw en slag,  
naar werke sij loon te betaal.  
En die vrijheidslug waai mij deur en deur  
om mij spiere te hard en mij kragte te beur,  
die reg te wreek  
tot onreg breek  
en strewend te straf en strij!  
.....Strome, is dit jul boodskap aan mij?

## **Japie Greyling. (Histories.)**

Swart is die nag en geen windje roer,  
o'er huis en veld kruip die dood op loer.  
Moeder Greyling bid en sij waak en wag,  
want vier wat haar sorge het groot gebrag  
swerf o'er die rande en veld vannag,  
mikpunt daar van d' moordend lood  
- net nog Japie aan haar skoot.

Die dagster verbleek op sij wag-pos omhoog,  
waar die dageraad klim so's 'n liggende boog;  
maar angstige blikke deurboor nog die skoot  
van slepende skaduws in laning en sloot.  
En kijk! so's met klouw en met vleugel geswind  
van die nag-uil, wat val op sij prooi so's 'n wind,  
kom 'n bank uit die grouw van die skemering op,  
- dit is stormende ruiters in jagend gelop!

Hulle kom, hulle kom o'er die slapende werf,  
en soekende oge dreig dood en verderf.  
Halt! - en hul swaai uit die sa'els op die grond,  
Voorwaarts! - hul singel die huis in die rond  
Maar weerlose vrouwe slegs loon die geweld  
van moordgrage blikke en wapens geveld,  
- die vo'els gevloge, nog vrij op die veld!



O, arm is die harte aan ridderlik eer  
 wat bloedverraad kweek en wat trouwbreuk begeer;  
 so is stille veragting die welverdiend loon  
 van die hoofdman, wat nader met strengheids-vertoon,  
 en durf om 'n moeder en elfjarig kind  
 te vra naar die skuilplaats van broeder en vrind.

Maar, O skrik! so's 'n Gesler, wreedaardig en fel  
 die hart eens beproef het van Switserlands Tell,  
 so waag 't die hoofdman - beskawing, leen oor -  
 om die bors van 'n moeder met angst te deurboor:  
 'Hier seuntje, jou hand, en gaat same met mij!'  
 - so's 'n lam naar die slagting laat Japie sig lij;  
 deur die raam mag die moeder hem slegs nog aanskouw,  
 en daar, voor haar oog, stel die Khaki hem nou.

'Kom, seuntje, die roer in mij hand is gereed' -  
 - en sij grimmige oge staan dreigend en wreed -  
 'wijs, wijs met jou hand waar die Boere-mag trek,  
 of ik skiet jou daar dood waar jij staat, op die plek!'

Hij kijk naar sij moeder, verbleek in haar skrik,  
 maar 'moed, Japie, moed,' lees hij slegs in haar blik,  
 hij kijk o'er die rande, hij kijk o'er die veld,  
 en dit klop is sij borsie met jagend geweld.

'Ik skiet!' brul die wreedaard, en mik al sij skoot,  
 en..... 'skiet' seg Japie, 'skiet dan maar dood!'  
 Versteend in haar skrik staat die moeder te wag  
 op die springende blits, op die moordende slag!

Godlof en wonder! kijk, swijgend en tam,  
of die hand wat dit hou in sij krag is verlam,  
daal die moordtuig omlaag, en die woest'ling verswind  
voor die kalm-durvend oog van 'n weerlose kind!

So's Altorfs dal held Willem Tell  
in beeldend brons voor oge stel.  
met Walter trouw aan vaders sij,  
so stel ons fier en vroom en blij  
ook in ons harte hoog 'n troon  
v'r moeder Greyling en haar soon;  
en in die rolle van die faam  
vra ons 'n plekkie v'r hul naam

Skande-naam van 'beed'laar-geus'  
werd der vaad're eere-leus,  
en tot vijands skrik en rouw  
werd oranje-blanje-blouw  
o'er die waa'tre fier ontvouw.

Kinders van Suid-Afrika,  
trots mag ons ons naam reeds dra,  
in ons wapenskild dit voer  
tot 't eens die wereld roer,  
eere-naam van 'Takhaar-Boer!'

Want wie ook hul helde roem  
onse vind ons, ongenoem,  
reeds aan moeders haar en skoot;  
ongesien word hul daar groot,  
v'r ons daag'raads more-rood.

Edelstene berg ons grond  
wat geen rower ooit nog vond;  
waak met moed, beleid en trouw  
dat ons onse skat behou  
bo bereik van rowersklouw.

**Die dorp-sondag.**

Sondaars kom, sondaars kom!  
roep die klokke, om en om;  
hoor 't op die mure beier,  
rukke-golwend, wijer..... wijer,  
- of so langs die lege straat  
o'er en weer die gewels praat.

Als uit Hemels-vredebron  
daal die liewe more-son  
so op veld en bome neer,  
als 'n glimlag van die Heer;  
stralebundels, skoof op skoof,  
strooi hij deur die koele loof,  
om op stille stoep en muur  
sonneskijfies te borduur.  
Voor geslote luik en deur  
speel die vo'eltjies ongesteur,  
en waar skaduws lang-gestrek  
o'er die straat hul bane trek.  
Hoor die klokke roep nog om:  
sondaars kom, kom sondaars kom!

En die weerklank sprei en draai  
met die verre hanekraai,  
tot die blouwe heuwel-rij,  
wijd o'er akker, tuin en wei',  
waar die diere dromend staan  
van hul knellend tuig ontdaan,  
waar die vliegies gons en dans  
in die gouwe sonneglans.

En langs tuin en bome-laan  
kui'r die vrome skare aan,  
stadig in hul Sondags-gang,  
vrij van arbeids sorg en dwang,  
spiere in arbeids skool gehard  
rustig nou in kledend swart.

In die voorhof van die Vader,  
waar Sij kudde stil vergader,  
is 't of Sij vrede daal  
met elk vallend sonnestraal.  
En naar buite, teme-lang,  
sweef die vrome kerk-gesang,  
o'er die grafte, rij aan rij,  
om die bede-huis versprei.  
Deur die sipres-bome, luister,  
is 't of daar stemme fluister  
van die verre stille kust  
waar verlose siele rus,  
- stemmend als uit hoger sfeer  
in die lofsang aan die Heer.

Blindend rus die volle vloed  
van die laaie middag-gloed  
op die strate leeg en lang  
waar in skrypend koorgesang,  
uit die hangend wilge-loof  
krekies ook hul Skepper loof,  
- of die warmte weerklank vind  
in hul deuntje wat 't bind.

In omsluitend groen gehuld  
staan die gewels, sonverguld,  
deur die awendgroet omstraal  
van die dagvorst, so's hij daal,  
in spelonke van robijn,  
in sij bed van karmosijn.  
Maar daar's trane in die groet,  
in die laggie bitter-soet,  
- so's 'n moeder op die dag  
als die Heer haar wenk en wag,  
in haar ruste haar wil lei,  
maar, haar kindje agter-blij.

Maar op sorge nog bedag  
v'r sij kroos in donk're nag,  
stuur die dag-vorst nog 'n straal  
uit sij vorst'lik voorportaal,  
so's 'n gouwe baan gestrek,  
om die wag omhoog te wek.  
Kijk, die a'endster is al daar  
eerst van almal kant en klaar,

en hij roep die woord alom  
tot die wagte kom en kom,  
in miljoene ongetel,  
op hul konings hoog bevel.

Op die trouwe wag verlate,  
donkerwallend langs die strate,  
staan die huisies, slaap-bevang  
deur die verre kikker-sang,  
nag-omslote trouw bijeen,  
.....liggies blussend, - een v'r een.....

**Die laaste trek.**

Mij pad het gelei deur die velde  
en ver o'er die wijse see;  
mij deel is mij toegemete  
van wereldds wel en wee.

Maar eer ik mij reisstaf kan bêre,  
mij hoofd in sij ruste leg,  
moet ik eenkeer die pad nog betrede  
- mij laatste pelgrims-weg.

Die plekkie se aarde is heilig,  
ik gaan om te bid en te ween;  
maar geen een ken die pad naar mij tempel,  
- d'is mijne, en mijne alleen.

Al lei daar die weg van die wereld  
en wemelend strate-verkeer,  
geen wandelaar stil daar sij skrede  
- verbij gaat 't, henen en weer.

Maar geen slijtende tred van die tije,  
noch jare se winde en re'en  
kan die teed're heugnis verwere  
wat kleef aan die drempel se steen:



Dit was in die lewe se lente  
en daar voor die drempel stond twee,  
'n handje in mijne gebêre  
- vertrouwend in mijne gegee.

En oog las uit oog wederkerig  
die tale wat harte vereen;  
- Ach, twee sloot die graf in sij kerker,  
en twee bleef daar o'er om te ween.

Die nag-skaduws daal al van verre,  
geen mens wat die straat nog betree,  
alleen met die wakende sterre  
herdenk ik mij liefde en wee.

Ik gaan om mij reisstaf te bêre  
mij hoofd in sij ruste te leg;  
een engele-hand wenk van verre  
sij lig mij reeds voor op mij weg!

## Die stem van die verte.

So's temend geprewel van stille gebede  
 kom stemme van ver, waar die awend-rood kwijn,  
 waar die rande in sterwende glanse verdwijn  
 en 'n nagalm nog sleep van d' skeidend verlede,  
 - so's klagte vergete, maar klagend tevrede.

En berustend ook voel ik mij siel als gedra'e  
 naar d'Eeuwigheid heen, op die loom-lange sla'e  
 van 'n vo'el o'er die veld op sij huiswaartse vlug,  
 - gedra op die windje se swijmende sug.

Vergange se da'e kom verbij voor mij oo'e,  
 gesigte verdwene en stemme gesus,  
 so's weerklankies nog van vergetelheids kust.  
 - En die weerlig vlam ver in 'n wolk wat daar rus,  
 so's snikkies nog mokkend, na trane gedro'e.

Uit die dorpie benee'e ruis op tussenbei'e  
 geluide en laggies van wereldebeweeg;  
 en so sal 't nog wees als mij plekkie reeds leeg,  
 mij skamele kleinte van d'aarde geskei'e  
 versink in die kolke van d' groot-eeuwig swij'e.

En mij groet stuur 'k dan mee als die a'endstraal se vure  
 so blink in die ruite en droom op die mure;  
 mij huisie se gewel sal 't opvang van verre,  
 - 'n laggie sal 't wees, maar 'n traan sal 't bêre!

**Die ossewa.**

Die osse stap aan deur die stowwe,  
geduldig, gedienstig, gedwee;  
die jukke, al drukkend hul skowwe,  
hul dra dit getroos en tevree.

En stille, al stuiwend en stampend,  
kom stadig die wa agterna,  
die dowwe rooi stowwe, al dampend,  
tersij op die windje gedra.

Die middag-son brand op die koppe,  
gebuk in hul beurende krag,  
hul swaai heen en weer in die stroppe  
- en ver is die tog van die dag.

Dit kraak deur die brekende brokke;  
die opdra'ens is ver en is swaar,  
dit knars in die knakkende knokke,  
maar hul beur en die vrag bring hul daar.

So, stom tot die stond van hul sterwe,  
blijf ieder 'n held van die daad.  
- Hul bene, na swoege en swerwe,  
lê ver op die velde verlaat.....

**Chamonix.**

Onder 'n denne-boom  
in die land van berg en stroom,  
    waar 'n watertje val  
    in 'n sonnig dal  
lê die helft van mij hart begrawe.  
Vo'eltjes sing daarby,  
die blommetjes praat van mij,  
    en die klokkies klink om  
    so's die koeie kom,  
deur die heldere stroom gelawe.

In hemelglanse bloot,  
in vorst'lik swijge groot,  
    troon Alp-reuse om  
    bo die dal se kom  
en kijk deur die denne bowe.  
Wolkies krui verbij  
so's skapies in hemelse wei,  
    wat weifel en draal  
    of hul nie sal daal  
in die groen van die lokkende klowe.

Louwe geure dwaal  
deur mij lower-saal;  
    en van ver kom 'n deun  
    so's 'n weerklank wat dreun  
uit die velde se somerdag-drome.  
Bowe langs twijg en tak  
loer die lug deur mij tempeldak,  
    deurvonkel, deurweef  
    met die goud wat leet  
in die weem'lende groen van die bome.

Najaarswindjies, strooi  
blaartjies o'er mij kooi,  
    dek mij toe  
    ik is mat en moe,  
vergeet wil ik rus en verborge.  
Winter, begrawe mij  
onder jou blanke spreij,  
    waar blommetjies praat  
    van die dageraad  
wat kom met die voorjaars-more.

**Die maan.**

In die blekend awendblouw,  
glimmend deur die wolkies flouw,  
glij die maan al deur die sluier  
langs haar paadje waar sij kuier,  
van haar perelkleed omvouw,  
in die blekend awendblouw.

Maar die peilloos diep verdonker  
waar die sterre-heir uit flonker.  
en sij swewe wijd en breed  
o'er die blouw fluweele kleed,  
- sprakeloos van trots en prag,  
meesteresse van die nag.

Eensaam is haar weg gelege  
op misteries wonderwege;  
in die donker, waar sij dwaal.  
deur die verre wonderstraal  
van die dagvorst voorgelig,  
- volgend waar sij wenke rig.

En 'n weerglim spreid daar wijd  
van haar kleed en majesteit,  
- droom-gedra'e towerstraal,  
wonder-wasend waar dit dwaal,  
o'er die rande in slaap gesus,  
o'er die boomgaard waar ik rus.

Ver geheime dra dit aan  
wat die blaartjies net verstaan,  
uit die dieptes van die sfere,  
uit die woning van die Here:  
stille hoor ik fluister-fluister  
in die loof se skemerduister.

Maar al blij ik luist'rend staan  
waar die windjie kom en gaan,  
onverstaanbaar v'r mij ore  
gaat die lispeltaal verlore;  
maar, wil ik mij huiswaarts keer,  
nieuw-belowend lok dit weer.

Slaap kom blus mij, 'k gee mij ower  
in mij huisie, maan-omtower,  
so's ik op mij laaste dag  
eens die dood, Uw suster, wag  
- vragensmoeg maar vol vertrouwe  
in misteries arm gevouwe.

**Die vo'el.**

Ik is 'n kind  
van son en wind,  
    die wijer lug mij woon;  
storm-omwaai  
het mij wieg geswaai  
    in 'n wilgeboom se kroon.

Maar bij re'en en nag  
was mij bedje sag  
    en warm bij felste vorst,  
- met liefde gesprei  
deur mij moeder v'r mij,  
    met veertjes gepluk uit haar bors.

In die diep van die nag  
was daar oge op wag  
    so's twee kole vuur benede,  
maar bo die gevaar  
van hul moordlus bewaar  
    was ons bo in ons huisie tevrede.



Als die dag-lemier bloos  
in die liggende oost  
    dan voel ik mij borsie klop  
vol dank en ontsag  
v'r die vorst van die dag,  
    en ik spring uit mij bedje op;

en hoog in die lug  
pijl ik op in mij vlug  
    om sij eerste groet te vang,  
als die nag-sluier omlaag  
nog die velde o'ervaag,  
    - met douw-diamante behang.

O, meteens skiet 'n glans  
uit die gloeiende trans!  
    en ik juig mij blijdschap uit,  
in die goud gevat  
van mij glorie-bad,  
    - gevul van mij feestgeluid.

Tot die deinende blouw  
wil ik opwaarts nou,  
    tot die koepel-welf wijd en puur  
waar die sterre, verloor  
deur die dageraads gloor,  
    verdwyn is in grondloos asuur.

'n Roserooi bos  
kruip o'er velde en bos,  
en groots lach die vlakke benede,  
tot purper verglooi  
waar die dal-laagtes plooi  
- van blinkende strome deursnede.

Tot die verste verskiet  
strek mij wije gebied:  
geen grens of boei v'r mij.  
bo' die klein gewoel  
wat in stof krioel,  
bo druk en dwinglandij.

In heersugs trots  
sien ik nasies bots  
en worst'lend hul lot besleg,  
- die lijke, so's graan  
deur die ha'elslag geslaan,  
naas mekaar op die vlakke geleg!

Maar bowe gevaar  
van die wilde misbaar,  
op rustende vleugel gehang.  
sweef ik kalm en in vree  
in die skadewé mee  
van 'n wolk op haar stadige gang.

Elke jaar word ik bang  
als die skadewe's lang  
    en langer gerek word benee  
dat die magtige swing  
van die aarde op haar kring  
    haar buite die bane laat tree;

en ik volg mij vorst  
in mij lewensdors  
    naar die Noord waar die aard hem verlaat,  
deur koue en gloed  
en o'er velde en vloed,  
    - sij trouwe trawant, waar hij gaat.

En ik is dit weer,  
als hij wederkeer,  
    wat die blijde boodskap breng,  
en, terug in mij woon  
in die ou wilge-kroon,  
    'n liedje van wellekom sing.

Vol luister en prag  
op mij huweliksdag  
    kwam die son als ons bruilofsgast  
deur 'n wolke-poort skouw  
uit die lewende blouw,  
    - van die voorjaar se buie gewas;

die lower se koel  
van sij sprankels deurwoel,  
    vol vlonkers van pinkend kristal,  
gestrooi van omhoog  
uit die kleurige boog  
    - gespan o'er die geurende dal.

Als die onweer kom  
en die donder brom  
    dan rij ik die wilde orkaan,  
op vlugtige vlerk  
voor die fronsende swerk,  
    - van bliksems geklief op sij baan.

In die Here se huis  
is ik o'eral t'huis,  
    gedrenk en gevoed elke uur,  
in die golwe verskoon  
op die berge getroon,  
    - die aarde mij voorraadskuur.

Ik is die fee  
van vrijheid en vree,  
    misterie mij kome en gaan,  
onbedwing, onbespied,  
niemand weet, niemand siet  
    waarhene of waarvandaan.

**Die smid.  
(naar Longfellow).**

Onder 'n groot kastanjeboom  
daar woon ons dorp se smid;  
hij is 'n kerel van trap-vas  
in elke spier en lid,  
en in sij arme hard en bruin  
sit staal, - tot in die pit.

Sij aangesig is bruin so's leer,  
sij hare swart en dig;  
die sweet tap van sij voorkop af,  
- hij weet dat werk is plig.  
Niks skuld hij iemand en hij kijk  
die wereld in d' gesig.

Jij kan sij blaasbalk altijd hoor  
van 's mor'ens vroeg tot laat,  
daarbij die sware maatgeluid  
so's hij sij hamer slaat,  
- net so's die dorp se kerkklok als  
die son te ruste gaat.

Die kinders wat van skool af kom  
blij bij die deur staan loer,  
hul hoor te graag die blaasbalk raas  
en wil die vuur sien roer,  
hul vang die vonkies wat daar spat  
so's kaf van 'n koring-vloer.

Jij krij hem Sondags in die kerk,  
sij seuns sit aan s'n sij;  
hij hoor die preek met aandag aan,  
en, in die voorste rij,  
ken hij sij dogter aan haar stem,  
- sij hart klop vroom en blij.

D'is net of hij haar ma hoor sing,  
ver in die Hemel-land;  
hij denk aan haar en aan haar graf,  
diep in die kerkhofsand,  
- en uit sij oge veeg hij stil  
'n traan weg met sij hand.

Bij vreugd en smart doet hij sij werk  
en volg sij lewensweg:  
al wat hij aanvat 's mor'ens vroeg  
is 's awends klaar en reg,  
- en dan kan hij als eere-man  
sij hoofd te ruste leg.

Ja vrind, ons dank jou v'r die les  
wat jij ons almal leer:  
so, aan die lewens-haard en vuur  
moet ons ons almal weer,  
- gedagtes op die aanbeeld smeed  
en dae, meer en meer.

**Liefdes-klag.**  
**(naar die Duits van R. Hamerling).**

Ik mag jou nie lief-hê en kan jou nie haat nie,  
ik mag jou nie hou en ik kan jou nie laat nie,  
O, leer mij die bittere strijd te volstrij.  
En ach, wat daarinne mij hart so deurkna'e  
ik wil dit nie mis nie al kan ik 't nie dra'e,  
die pijn wat genot is en mart'lend verlei.  
Ik kan jou nie haat en mag liefde nie gewe,  
so staat 't vermeld in die boek van ons lewe,  
O, smart, wat verdelend mij hart so deursnij!  
Ik mag jou nie hou nie en kan ook nie skije  
so wil 't die sterre se wet van die tije,  
O, sê mij hoe sal ik die strijd ooit volstrij.  
En eensaam herhaal ik deur nagte en da'e  
vergeefs nog en eeuwig die swaarste van vra'e,  
en voed ik, genietend, die pijn wat ik lij.  
Ik mag jou nie lief hê en 'k kan jou nie haat nie,  
ik mag jou nie hou en ik kan jou nie laat nie,  
O, leer mij die bittere strijd te volstrij!

## Oorlog.



**Oorlog.****I.****Oproeping.**

(Es ist bestimmt in Gottes Rath).

Dit is bestem in die Here se raad  
 Dat die wat mekaar altijd lief het gehad  
 moet skeie;  
 maar ach, is die uur van skeie daar,  
 dan is 't swaar.

‘Albertus jij vra mij: “sal ik gaan?”  
 Albertus, ik sien jou maters staan  
 met roers in die hand  
 v'r volk en land,  
 - en jij vra mij, Albert, of jij moet gaan!’

‘Ik denk, Margareta, ik denk aan die dag  
 als jij mij vergeefs aan die voordeur sal wag,  
 jou oo'e vol tranen, jou hart so vol rouw,  
 - alleen met ons kindertjes, Greta, mij vrouw!’

‘Albertus, so groot is geen rouw of geen straf  
als dat jij eens rus in 'n lafaard se graf,  
'n graf wat jou kinders nog eendag vermij  
als die vrijheid herleef, maar deur ander verkrij;  
of als hul moet buk  
onder dwing'land se juk  
en moet weet dat hul vader nie mee het gestrij.’

‘Verlore is die stryd, ach, ik weet 't vooruit,  
ons word maar die magtige vijand se buit;  
Margreta, en moet ons verdrukking eens weer,  
dan is ik nog daar om te help en te keer.’

‘Vergeet 't nooit, Albert, geen stryd is verniet,  
selfs daar waar die wereld slegs nederlaag siet.  
Deur kleinmoedigheid juis  
breng ons nederlaag t'huis,  
deur die krag  
te verag  
wat die Here ons bied.  
Nee nimmer of nooit was mij Albert so laag  
om te rus en vermij waar ander moet draag;  
nooit sal ik hem soek  
in die lafaard se hoek  
als sij land in haar nood om haar MANNE kom vraag.’

Sij hand is in hare en spreek sij besluit,  
te vol sij gemoed om 'n woordje te uit.  
Sij oo'e durf hij nou weer op hare te slaan,  
en hare, als sijne, berg menige traan.

## II. Die laaste a'ent.

Nog nie na bed!  
wat 'n pret, wat 'n pret!  
met jurkies aan  
en voetjes bloot  
so met Pappie te rol  
en stoei en stoot!

Ja, laat mag hul speel het Mammie gesê  
voor Pa hul van a'end in hul bedje sal lê.  
- Maar, verlege soek Breggie bij Mammetje skuil,  
vra soetjes aan haar waarom Paatje toch huil?  
nog nooit bij hul speult!jes het hij dit gedoen,  
en so dikwils tot selfs die klein voetjes gesoen.

Wijd o'er huis en velde  
rus al lang die nag  
als so bij die bedjes  
twee nog bid en wag,  
wakend tot die more  
- wrede skeidings-dag.  
'Vader in Uw hoede  
leg ons hulle neer,  
gee ons eendag, Vader  
aan elkander weer;  
wil, Vader, o'er ons huisie waak  
dat leed noch honger dit genaak.'

Droom-verlore dotjes,  
rustend naas mekaar,  
hoor gebed noch klage,  
weet van geen gevaar,  
met één troos tevrede:  
moeder is nog daar,  
om die oogies moeg en vaak  
met haar soentjes toe te maak.

En na 'n diepe suggie  
gaan die borsies teer  
so in stille sluimer  
stadig op en neer;  
handjes sag en roserooi  
bo die hoofies opgegooi,  
- reine handjes, sonde-leeg,  
handjes waar geen las op weeg.

### III. Afskeids-more.

‘Kijk voor d' laaste, vrouwtje,  
nog met mij 'n slag  
hoe die son so vriend'lik  
o'er ons tuintje lach,  
so's die eerste more  
na ons huw'likdag;  
of die skone dag, Magreet,  
van geen leed of skeie weet;  
of mij plantjes wag en wenk  
dat mij hand hul laaf'nis skenk.  
Arrem is die siel, Magreet  
wat om steentjes graaf en sweet,  
en in elke droppel douw  
nie 'n edelsteen aanskouw;  
in paleise mag hul woon,  
ons geluk vertrap en hoon,  
maar geen skatte koop hul vrij  
uit die armoed wat hul lij.’

‘Sit mij Albert op geen troon,  
bo sij voorhoofd straal 'n kroon  
wat 'n vorst hem mag benij,  
- tot die dood moet dit daar blij;

mag mij hoofd ten grawe buk  
eer ik jou die kroon ontruk,  
Albert, eer mij swakheid jou  
van jou manne-plig kan hou.’

Wijd o'er huis en velde  
rus weer lang die nag  
als so bij die bedjes  
één nog bid en wag,  
- bid om troos en kragte  
na die skeidings-dag.

#### **IV. Vrijheidslied. (bij die uittog).**

Vrome vaad're, fier en groot!  
Deur vervolging, ramp en nood  
was hul leuse, tot die dood:  
Vrijheid, Vrijheid!

Erfnis van hul moed en trouw  
is die grond waar ons op bouw,  
juigend tot die hemel-blou:  
Vrijheid, Vrijheid!

Eere wie die dood mag lei  
om te rus aan hulle sij, -  
met die sterwens-woord te skei:  
Vrijheid, Vrijheid!

óp dan broers, en druk hul spoor,  
voorwaarts, broers, die vaandel voor;  
laat die veld ons krijgs-roep hoor:  
Vrijheid, Vrijheid!

Woes geweld mag hoogtij hou,  
kettings mag ons lede knouw  
maar die leuse blij ons trouw:  
Vrijheid, Vrijheid!

Jukke mag v'r slawe wees.  
manne-harte ken geen vrees,  
duld geen boei v'r lijf of gees:  
Vrijheid, Vrijheid!

**V.****Die stryd.**

Droef en lang was die nag,  
 grijs en guur breek die dag  
 - ver ruis die re'en.....

In gebede geskaar,  
 in die re'en bijmekaar  
 smeeek ons af in gevaar,  
 Vader, Uw se'en!

Stil, so's skaduws wat kom  
 sluip die vijande om,  
 - nader en nader.....

Daar 's 'n blits! daar's 'n knal!  
 hoor die sla'e dreunend val!  
 Voorwaarts één, voorwaarts al!  
 - Lei ons, Al-vader!

Va'erlands-grond drink die bloed,  
 nog vol vryheid se gloed  
 - louw uit die wonde;  
 menig sterwende sug  
 dra 'n groet deur die lug  
 bo' die wapen-gerug,  
 - ver in die ronde.



O, die lippe wat bleek  
om 'n waterdronk smeek,  
- wonde wat brande!  
Ongehoor, ongeag  
menig kermende klag  
waar die woelende slag  
dreun o'er die rande.

In die dood liewe God  
lei Uw hand nog ons lot  
als in die lewe.  
Mog Uw wil dit begeer  
aan Uw voete, O Heer,  
lê ons d' lewe weer neer,  
eenmaal gegewe.

En in eensame nag  
staat die sterre se wag  
- stil en van verre,  
o'er die helde se skaar  
tot hul ruste vergaar,  
onbelas, onbeswaar,  
- veilig gebêre.

## VI Die brand.

Dit is die winterwind wat waai,  
al wenend deur die lange nag,  
al wenend om die verre dag;  
die twijge swenk die takke swaai,  
dit is die winterwind wat waai.

Hij sleep die sug van eeue mee  
uit dieptes van die diepe see,  
en waar vergane skepe rus  
op menig maan-gebleekte kust;  
hij sing van lang vergete wee, -  
hij bring die sug van eeue mee.

hij kom o'er velde ver en wijd  
o'er grafte in hul eensaamheid,  
waar moeders van hul sorge rus,  
waar kindersnikkies is gesus;  
- dit is die lied van d'eensaamheid  
hij kom o'er velde ver en wijd.

'Mij ma, ik hoor van verre om  
'n dreuning o'er die velde kom!'  
'Dit is die bome in die wind,  
die wilge-takke kreun, mij kind.'

‘Mij ma, ik hoor mij brakkie huil,  
 wat sou daar kruip, wat sou daar skuil?’  
 ‘Mij kind, die nag is koud en lang,  
 die diertje is alleen en bang.’

‘Mij ma, dit dreun al in die rond  
 so's pêrde-hoewe op die grond;  
 mij ma, wat lig daar so's 'n vuur  
 van buite op die kamer-muur?!’  
 ‘Mij ma, daar brand die koring-miet!’  
 ‘Mij kind die Heer Sij wil geskied!’

Is daar 'n beul so woest en wreed  
 wat manne-eer en plig vergeet,  
 met onskuld en met swakheid lach  
 en uitdrijf in die winter-nag?

Is daar 'n hand wat nie ontsiet  
 die liefste wat Gods aarde bied,  
 die skoonste gawe uit Gods hand:  
 die vaderhuis in d' vaderland?

d'is heilig grond, d'is heilig grond,  
 die plekkie waar een wieg eens stond  
 en waar 'n jonge moeder blij  
 haar kindjes eerste skrede lei.

waar sij die lippies, jong en teer  
 hul eerst' gebedje het geleer  
 en waar sij lange nagte vaak  
 vol angst en kommer het gewaak.

'n Stille vrede dra die plek  
waar, om die witte tafel-dek,  
die etens-ure so om haar  
die blonde koppies het vergaar:

en uit herinn'rings blij verlee,  
vergange da'e se soete wee,  
berg elke hoekie so sij deel;  
O wee wie 't hart die skat ontsteel!

Daar staat 'n moeder met haar kind  
alenig in die winter-wind,  
en niemand wat haar trane siet  
en niemand wat haar trooste bied.

En wilde vlamme strooi dit wijd  
die vrug van lange lewens-vlijt,  
in vonke deur die lug gesaai  
in vonke wat die wind verwaai.

Haar kindje aan haar bors gevouw  
beskut sij te'en die winterkou,  
- die trane wat sij swijgend ween  
so op haar wang tot ijs versteen.

En winterwinde sing die lied  
van eensaamheid en stil verdriet;  
en sonder weerklank sterf die klag  
op wije velde in die nag,  
al sugtend deur die gras se saad,  
en verre is die dageraad.

Die twijge swenk die takke swaai,  
dit is die winterwind wat waai.....

**VII.****Die kamp-suster.**

Suster Anna, ik voel d'is die dood wat kom;  
 slaat ope die tent-doek, na buitekant om,  
 dat vrij mij oog o'er die bulte gaan.  
 - Suster Anna, ik hoor 'n kerk-klok slaan.

Ik hoor hoe dit kindertjes roep v'r mij;  
 van ons klompie moes ik nog die laaste blij.  
 Kom neem toch mij hand, so's jij dikwils doet;  
 - Ach, altijd was Suster v'r ons so goed.

Mij man, hij lê ver langs Toegela-stroom af  
 en niemand wat weet waar hij rus in sij graf;  
 ach, Suster, en neem nou die Heer nog v'r mij,  
 dan is Pieter allénig nog ower-geblij.

Ik weet hij blij staan met sij roer in sij hand  
 ja, trouw tot die dood, v'r sij volk en sij land;  
 en mog dit so wees dat die Heer hem behoed,  
 so breng hem tog, Suster, sij moeder haar groet;

en sê v'r hem, selfs op die donkere rand  
 het jij vrese noch bewing gevoel aan haar hand;  
 en dit was haar troos, dat haar Pieter sal hou  
 aan sij God en sij land, aan sij eere en trouw.

Die kindertjies, Breggie en Japie en Faan,  
 het Suster die een na die ander sien gaan;  
 en jii sê daar's 'n plekkie v'r mij nog geblij,  
 waar moeder kan rus aan klein Fanie se sij.

Die ou huis se murasie staat swart en ontbloot,  
 waar almal so saam was om moeder haar skoot,  
 maar ver van die huis en verstrooi deur die land,  
 rus almal tog saam in die Here se hand.

O'er die velde kruip saggies die awend se grouw,  
 maar, Suster, ik sien nog die hemel se blouw.  
 - Daar rol 'n gedreun o'er die bulte aan;  
 Suster Anna, ik hoor 'n kerk-klok slaan.....

### **VIII. Ou oom Willem. Aan sij verslete ou baatje.**

Ou maat, hoe lijk 't dan v'r mij  
 of jij mij wil laat staan?  
 Ach nee, ons twee het tog te lang  
 die selfde pad gegaan!

Van almal wat met mij die huis,  
die ou-nooi het verlaat,  
blij jij alleen nog o'er ou vrind,  
met jou kan ik nog praat:

Ik sien die Sondag-more-son  
nog deur die venster skijn,  
en mooi geborstel, op 'n stoel,  
lê jij dan klaar v'r mijn;

die tweede kerkklok het gelui,  
die ou-nooi staat al klaar;  
ik steek die boekie in jou sak,  
dan stap ons vort met haar.

Ons abba 's aends die kleingoed weg  
als hul na kooi moet trek,  
- 'n blote voetje in elke hand,  
die armpies om mij nek.

Al is jij nie te fijn van stof,  
jij het 'n hart voel slaan  
so vol van vrede en geluk  
als ooit nog het bestaan.

Ach, wat het ons nie na die tijd  
al same deurgeleef!  
so groot als ons geluk eens was  
so het ons al gebeef.

Maar hoe d'ou hart ook bloei of beef  
of half beswijk van rouw,  
deur vuur en water klop hij nog  
v'r God en land getrouw.

Ja, ook die rouw dra jij met mij:  
O, God, die bitt're dag,  
toen ik mij Andries op mij rug  
gedra het uit die slag!

Hier is die vlek nog van sij bloed,  
dit moet sij sien, ou vrind;  
die laaste woord van Andries was:  
'Groet Mamma van haar kind.'

Nee kom, ou maat, al is jij vuil  
en op-gelap en naar,  
ons twee gaan same weer naar huis  
als mij die Here spaar.

V'r ou-nooi en die kindertjes  
sal ons twee ver moet rij;  
die Here weet of hul nog leef,  
of ons weer één sal krij.

Ons bouw die huis weer uit sij as,  
- of ons nou lach of lij -  
ou maat, en ons blij altijd saam  
totdat die dood ons skei.



**IX. Veldbrand.**

Ver  
so's 'n ster  
in die diep van die nag,  
so's 'n oogie wat waak  
en wat wenk in sij vaak,  
hou 'n liggie die wag,  
- ver,  
so's 'n ster.....

Geen moeder is daar wat haar kindje bewaak,  
geen awend-gebed na die werkdag se taak,  
geen minnende paar wat in stilte sit vrij  
bij die nag-kers se vlammetje, sij aan sij.

Nee,  
rouw en wee  
Is nou t'huis op die veld;  
wat nog leef, wat nog roe-  
is die dood op die loer  
en ontketend geweld.

Ver  
 en wijd  
 o'er die velde verspreid  
 lê broer en vader en moeder en kind,  
 so's blare verstrooi deur die najaars-wind,  
 wat teme-lang sug so's hij kom en kom  
 en moeg al van klage bij rukke verstom.

Rooi word die lug  
 o'er die bulte se rug;  
 en swart te'en die gloed spreid die bome hul arme,  
 so's smekende hande wat roep om erbarme.  
 Die vuurkring dij uit o'er die hang van die rande,  
 en die winde se asem kom warm uit die brande.  
 In vliegende rij kom die vurige stoet,  
 en eensame mure staan rooi in die gloed. -

Geswind  
 voor die wind  
 woel die vlamme se rij,  
 deur die grafte o'ergroei en verlate op sij,  
 waar 'n voortrekker rus met sij brawe ou vrouw,  
 - tot die laaste groot trek aan s'n sij nog getrouw.

Die rouwkleed lê wijd in die lig van die maan,  
 waar nakende gewels als wagtters blij staan;  
 en roekies trek opwaarts nog hier en nog daar,  
 - so's kwijnende walm bij 'n dooie se baar.

Maar luister, wat sing daar so deur die geklag  
 van die winde se huil in die hol van die nag,  
 net's 'n moeder haar stem wat haar kindje wil sus,  
 net's 'n statige psalm van vertrouw en berus?  
 En hoor hoe die orgeltoon dij en swel  
 tot die sterre omhoog: 'dit is wel, dit is wel!'

**X. In memoriam.**

Aan Steenkool-spruit het ons hem stil  
in sij laatste rus geborge;  
'n man was hij tot sij snewens-uur,  
sij land en sij lewe verkog hij duur,  
- en hij slaap tot die jongste morge.

Sij t'huis was die veld van Suid-Afrika,  
die stilte sij lewens-gesel;  
maar die ploeg was opsij en sij roer was klaar  
toen sij Vaderland roep in die uur van gevaar,  
- en, ach, 't was sij laaste vaarwel.

Die brandwag was hij die more vroeg  
in die drup re'en vaal en naar;  
die vure was dood en die la'er was stom  
toen hij fluister: 'die vijand! hij kom! hij kom!  
op kerels! maak klaar, maak klaar!'

'n Skot in die donker, twee, drie - vier!  
en die storm trek los langs die rij.  
O, die werk van die dood was wreed en gouw  
waar die klein-geweer kraak in die more-grouw,  
- en ik hoor hem nog: 'Kerels, staan bij!'

Sij plek was voor, waar die blits-vure spat  
uit die roers in die donkere lijn;  
die vuur in sij oog is die ster van die dag,  
en die veer op sij hoed gaat ons voor so's 'n vlag,  
- tot die Here sê: 'Dese is Mijn!'

Die storm is verbij en die bare gaan rond  
om die oes van die dood te vergader;  
waar die geel gras buig in die sugtende wind  
lê stijf en verkrom menig moeder haar kind,  
- geleen en geneem deur die Vader.

En hij? Ons staan almal in stilte rondom,  
so's op heilige grond van die Here,  
waar hij lê, met sij roer in die krammende hand  
en sij manlik gelaat naar die vijand se kant,  
- so's 'n held op die veld van eere.

Geen uitlands marmer omknel sij bors,  
maar hij rus in die moeder-aarde.  
Sij land sal hem mis in die uur van haar lot  
maar sij bloed sal gedij, op die wenk van sij God,  
in volheid van tijd, en van waarde!

**XI****Berusting**

In berustende sug  
van die awend-lug  
    en awend-skijn  
staat 'n maagd op die lande  
met gevouwe hande  
    - so stil... so rein;

haar blik naar omhoog  
en 'n traan in haar oog  
    - waar niemand siet;  
en 'n fluist'ring versterwe  
op die a'end-rood se verwe:  
    'Uw wil... geskied!'

## XII. Die kindertjies

In die lewe se tuin is die more se douw  
 nog fris op die knoppies net ope gevouw  
 in die lig van die voorjaars-more  
 O, die dag is nog jong en die ure kan wag  
 als die awend moet daal op hul somerse dag,  
 Als die blaartjies moet val en verdorre;

die lewe se tafel is nouw'liks gedek,  
 die handjies belus naar die vrugte gestrek,  
 die bordjies met ete nog vol;  
 die korrels is klein en nog sag in die aar,  
 O, die maaier kan wag om die oes te vergaar  
 tot die jaar op sij end is gerol.

Maar die stormwinde spot met gebed en getij:  
 o'er die sonnige veld skuif 'n sombere spreid  
 d'is die onweer, hij kom, hij kom!  
 O, die ha'elslag se geesel is wreed en gouw,  
 en sij pad is geteken met trane en rouw. -  
 verpletter lê aare en blom!

Die pad van die wereld is steil en lang.  
 die voetjes nog klein en nog wankel van gang,  
 die handjes gehewe om steun.

O, wie, in sij krag, sal die onskuld mislei,  
 die lammetjes jaag wat nog soek naar die wei,  
 die swakheid verstoot wat wil leun?

O, waar is die lafaard so snood en so wreed  
 wat ei'ebaat-soekend die kleine vertreed,  
 ont-erend 't mannelik staal?

O, wie sou begeer met o'erwinnaar se vaan  
 op die graf van die weerlose onskuld te staan,  
 na sege op onmag behaal?

Getui'e dit, heuweltjes, rije aan rij  
 op eensame velde in stilte versprei!

Wat bêre jul in julle skoot?

'Die onskuld vertrap onder hebsug se voet,  
 die lammers gesmoor in hul moeders se bloed,  
 - met helde vergaar in die dood!'

O, ween nie v'r hul nie, die bron was nog rein  
 toen 't weer in die Vader se Hof het verdwyn,  
 - van werelddsbesmetting nog vrij,

Die lammetjes wreed deur die wereld verstoot  
 is veilig weer t'huis in die Vader se skoot.  
 - terug bij Sij kudde gelei.

V'r wie berg die lewe nog gawe so skoon  
 als reeds op die drempel die martelaars-kroon,  
 met vrijheid se helde behaal?

Benijdbaar wie vroeg in hul rus word geleg,  
 in vaderlands bodem v'r vaderlands reg,  
 - met sterflose eere omstraal!

**XIII Terugkeer.**

Amalie, Amalie, die more is verbij  
 toen die vo'eltjes gesing het v'r jou en v'r mij:  
 o'er die geel-perske boord was die rooi bloeisel uit,  
 en fris was mij nooi, so's die more se bruid.

Aan die voortje se rand, om jou veilig te lei,  
 gaf jij met 'n glimlag jou handje aan mij;  
 'k was vóór op die klippe en tog maar te gouv  
 om die handje te neem en in mijne te vouw;

maar kijk, toen ons ver van die voortje al was  
 had ik altijd die handje in mijne nog vas,  
 so het ik gevoel dat ik dit mog behou  
 al dorst jij jou lippe geen woordje vertrouw;

en meteens, kijk, kon ik ook geen woordje meer praat,  
 had laggies en korswil ons lippe verlaat,  
 - aan jou bewende vingertjes voelde ik en wist:  
 d'is die stilte en ernst wat o'er lewens beslis!

Maar bowe ons hoofd werd die vo'eltjes se koor  
 met verdubbeld gejuig in die bloeisel gehoor;  
 en wat hul so verder mog hoor of aanskouw  
 blij ons soete geheim, - slegs aan hulle vertrouw.

Ik kom van Bermudas, ik kom o'er die see  
 om mij land en mij bruid weer mij liefde te gee...  
 ...Hul wijs mij die huis in sij as en sij puin,  
 hul wijs mij 'n eensame graf in die tuin;



en als graf-teken bo staat die eigenste steen  
waar ons so op gesit het met hande ineen;  
- die bome ontblote van bloeisel en blaar,  
die vo'eltjies gevloge, - net ikke nog daar.

Elk jaar als die Somer die bloeisel weer bring  
dan sit ik graag daar als die vo'eltjies sing;  
- die velde, so wijd so's ons liefde, omheen,  
van d' wereld vergete, ons tweetjies alleen!

### **XIII. Die verlore graf**

In verre wolke vlam die weerlig na,  
die storm is uitgewoed, die dondersla'e  
se weerklank sterwe op die velde weg.  
Deur d'awendstraal met kwijnend goud beleg  
rus so's 'n eik in volle krag geveld,  
na strijd volstree, 'n stoere held.

'n'Vaders trots, 'n' moeders sorg was hij,  
 sij eerste skrede het haar hand gelei,  
 sij kindertaal haar moederhart se vreug.  
 In vrees des Here en in stille deug  
 het sij hem groot gemaak-nou leg hij daar,  
 verniel, vergooi, geen-een weet waar.

V'r hem het liefdes hand die maal berei,  
 die rusbed na die sware dag gesprei;  
 en kinder-armpies om sij hals gesla'e  
 het hem met nieuwe moed die sorg laat dra'e.  
 Herenigd vond hul steeds die awend-uur  
 om awend-lamp of wintervuur.

Hoe lang, helaas, hoe lang werd hij gemis,  
 die bouse da'e deur, aan haard en dis.  
 Maar lang reeds had die late vredes-dag  
 o'er velde en see die ander t'huis gebrag  
 toen nog v'r hem, met oge moeg van stare,  
 vergeefs gewag was, jare en jare.....

Hij lê alleen, verlore en verlaat  
 waar slegs die windje sugtend langes gaat.  
 Lui dwalend o'er die velde in die rond  
 siet soms 'n herder daar die hopen grond,  
 waar va'erlandsgrond, deur hem so teer bemind,  
 hem nou om-arm, - haar held, haar kind.

Verloor v'r almal hou sij net v'r haar  
 hem nou so aan haar moederbors bewaar,  
 tot nieuwe lewe opgaat uit die dooje  
 als hier die ploeg eens langs gaat deur die sooje  
 en koring-are rijp uit helde-bloed  
 - om vryheids-kroost opnuut te voed!

'n Stille kind was hij van stille velde,  
 historieblad sal nooit sij dade melde  
 en mark noch straat sij beeld te pronk vertoon.  
 Van wereldswoeling verre was sij woon.  
 Geen taal of teken wat sij naam ons noem.  
 Geen digterlied sing ooit sij roem.

Wie sing die lof van somer-son en re'en,  
 wie dank die aarde v'r haar milde se'en,  
 wie prijs die vrugte-boom na rijke drag,  
 deur najaars-wind onttooi van blare-prag?  
 En so die held, onwetend van sij daad,  
 wat net maar doet, en dankloos gaat.

O salig wie die kleine loon ontbeer  
 wat mart'laars nooit ontvang en nooit begeer,  
 tevrede dat hul voet 'n spoor mag druk  
 op d' steile pad, in waarheids dienst gebuk,  
 - die spoor waar Vrijheid nooit van af mag dwaal  
 wil 's eens haar hoogste kroon behaal.

In d' sterwens-ure sag sij brekend oog  
 d'oerwinnings-vaan van d'winglandij omhoog,  
 maar bo hul dronke feest en blij gejuig  
 stond waarheids kalm gelaat hem toegebuig,  
 voorspellend aan haar held in d' stof gekrom  
 d' o'erwinningsdag wat eendag kom.

Vergeete, ken die eeuwe tog sij waarde,  
 verlore, berg hem tog die moeder-aarde.  
 Behoed, behou, tot één geword met haar  
 hou sij die skatte in haar skoot bewaar,  
 - haar grond verrijk, en hegter nog die band  
 wat ons verbind aan d' Vaderland.

**XIV. O'erwinning.**

Kom lê jou hand in mijne  
Agneta mij ou vrouw,  
d'is sestig jaar van more  
dat ons twee het getrouw.

Laat onweer raas, laat winde waai,  
laat d'hele wereld keer en draai,  
hou ik maar net v'r jou.

O, skone trouw-dag more  
so fris, so klaar en blij  
toen ons twee naas mekander  
na dorp toe het gerij!

Die more-son was op die veld  
- besaai met blomme ongeteld -  
die mooiste blom v'r mij!

Die mense langs die strate  
het almal omgekijk;  
en 'k sien ou Kol nog drawwe,  
sij mooiste windmaak-strijk,  
'n strikkie aan sij kop gebind  
sij hoefslag bowe in die wind,  
en vóor moes almal wijk.

O, waar 's die jonge lewe  
aan Soetendal se vlei,  
ons huw'likdag se lente?  
Ach, al te gou verbij;  
    bedreig deur d'wing'landij se juk  
    waar vrijheids kinders nooit voor buk  
en onreg nooit wil lij.

Hoe swaar die skeidings-ure  
Van d'ou geboorteplek!  
Maar vrijheid was die leuse  
en noordwaarts was die trek.  
    In 's Heren hand ons lot geleg,  
    Sij Woord die lig op onse weg,  
- so ver die velde strek.

Dit was 'n weg van lije  
van strijd en bloed en rouw;  
maar met jou hand in mijne,  
Agneta mij ou vrouw,  
    het ons barbaar en B...t trotseer  
    deur vuur en water, wind en weer,  
en onse land gebou,

gebouwe so's van 's lewe  
ons huisie, sterk en heg:  
die klei het jij gedra'e,  
die stene het ik geleg;  
    geen storm of brande strijk hem neer  
    of uit sij as verrijs hij weer  
en staat weer klaar en reg.

En vriend'lik skijn daarbuite  
nog onse son, voorwaar,  
deur al die droewe da'e  
v'r ons nog trouw bewaar.

En onse ook so's altijd nog  
die land met onse bloed gekog.  
- en ons nog altijd daar!

Die pad was lang en opdra'ens  
maar d'uitspan 's nabij nou,  
en uit ons stramme hande  
vat onse kroos die touw.

En hand in hand wag ons gedwee  
tot Va'erlands grond ons rusplek gee  
Agneta, mij ou vrouw.